Tuiste

29 April – 3 Mei 2026

SUID OOSTER FEES

Western Cape Government FOR YOU
CITY OF CAPE TOWN ISIXEKO SASEKAPA STAD KAAPSTAD
NETWERK 24
DIE BURGER
nati
ATKV
dotsure.co.za
smile 90.4

RYAN O'CONNOR
Breakfast Show
Mon - Fri, 6 - 9 am

ONLY ON smile 90.4FM

Cape Town's fastest growing Breakfast Show

Inhoud

SUID OOSTER FEES

Tuiste	4
Welkom	6
Boodskappe van borge en vennote	10
Kort voor lank	22
Musiek	34
NATi Teaterfees	48
NATi Jong Sterre	60
ATKV Kinder- en jeugteater	64
Komedie	72
Dans	76
Jakes Gerwel-gesprekke	82
Leefstyl	92
Visuele kuns	100
Die Suidoosterfees-span	108
Feeskaart	109
Borge	112
Dagprogram	116

smile 90.4

Die amptelike radiostasie van Suidoosterfees
The official radio station of Suidoosterfees

Tuiste

GEBRUIK DIE FEESGIDS SÓ

Gebruik die inhoudsopgawe van hierdie program om jou deur die feesaanbiedinge in die onderskeie afdelings te begelei. Vir jou gerief is 'n chronologiese dagprogram agterin die feesgids ingesluit, ook met die bladsynommers van die programbeskrywings. Die programbeskrywings in die gedrukte feesgids is in Afrikaans. Die volledige program is in Afrikaans en Engels beskikbaar by **www.suidoosterfees.com**.

DIE GROOT GEHEIM VIR 'N KOMMERVRYE FEESERVARING

Hou jou oog op die feesprogram op ons webwerf: **suidoosterfees.com**. Veranderinge word onmiddellik daar bygewerk. Tye en venues wat dalk mag verander, of vertonings wat bykom of wegval, word daar opgedateer. Webtickets sal jou kontak oor veranderinge indien jy reeds kaartjies bespreek het.



KAARTJIES

Kaartjies is beskikbaar by **Webtickets**, of skakel Artscape Box Office by **021 421 7695**. Kyk mooi op die program watter produksies is **gratis**, maar waarvoor jy steeds **per e-pos of deur Webtickets** moet bespreek!

THE CAPETONIAN HOTEL: ONS VERBLYFVENNOOT

Vanjaar gaan ons kunstenaars tuis in **The Capetonian**, Suidoosterfees se amptelike verblyfvennoot. Kontak die hotel by **enquiries@capetonian.co.za** of skakel **021 405 5670**. Gebruik die kodewoord **SOF** vir spesiale kortings aan feesgangers. Hier is jy binne loopafstand van Artscape. Besoek **capetonian.co.za**.

AS JY VLIEG, SPREI GERUS JOU VLERKE MET LIFT AIRLINES

LIFT is ons vliegvennoot, want hulle is nie skaam om kunstenaars te ondersteun nie. Oorweeg gerus dié lugdiens as jy Suidoosterfees toe vlieg, en help ons om die lewe vir Suid-Afrika se kunstenaars geriefliker te maak. Besoek **lift.co.za**.

VENUES

Die Suidoosterfees brei vanjaar sy tuiste uit met 'n verskeidenheid ruimtes regoor die stad – elkeen 'n unieke kamer in ons groter feeshuis.

In die HART VAN DIE STAD word die meeste produksies in die ikoniese **Artscape** aangebied, asook in die **Kaapstad-Burgersentrum** en in die MEDIA24-GEBOU: **POP24 Studio** en **Nasdak** – alles binne stapafstand van mekaar.

Feesproduksies word ook aangebied op die UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD se **HIDDINGH-KAMPUS** waar twee feeslokale is: **P4** en die **Little Theatre**.

By die WATERFRONT TEATERSKOOL word **The Lane** en die **Galloway-teater** omskep in intieme speelruimtes waar nuwe werk en vars stemme tuis voel.

Verskeie venues van **Iziko Museums of South Africa** in die MIDDESTAD word ook ingespan. Hou ons webwerf se Leefstyl-afdeling dop vir Iziko se unieke aanbiedinge.

Theatre Arts in OBSERVATORY is ook 'n ruimte vir onafhanklike teater en kreatiewe energie.

Kyk ook na die **feeskaart** in hierdie programboekie of op ons webwerf (suidoosterfees.com) as jy nog hulp nodig het om jou pad te vind.

PENDELDIENS EN PARKERING

'n Pendeldiens tussen die onderskeie venues is beskikbaar om feesgangers se bewegings maklik en gerieflik te hou. Hou die Suidoosterfees-webwerf dop vir volledige besonderhede en roosters.

Veilige parkeerplek is beskikbaar in die **Kaapstad-Burgersentrum** se kelderparkeerarea. Toegang is via die Jan Smutsstraat-ingang op die tye hieronder aangedui:

- **Maandae tot Vrydae tussen 17:00 en 23:00**
- **Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae tydens vertoningstye**

Parkeertariewe: **R45.00**; slegs debiet- en kredietkaartbetalings sal aanvaar word. **Geen kontant** word hanteer nie.

Volledige inligting oor parkering by Artscape is hier beskikbaar: **artscape.co.za/paid-parking-for-artscape-theatre/.**

Vir algemene feesnavrae, skakel **021 406 2450**.

Tuiste

SUID OOSTER FEES

Azelia Morkel

Direksievoorsitter: Suidoosterfees

Dis die 23ste Suidoosterfees en vanjaar nooi ons elkeen om te kom na hulle tuiste, hulle khaya. Vanjaar se tema, Tuiste, lê my besonder na aan die hart, want dis hier waar ons ons wortels kan herontdek en saam met ander vier. Tuiste is meer as 'n plek. Dit is 'n gevoel van behoort en herkenning, van hartskos, stories wat mense aan mekaar verbind en lekker kuier.

By die fees word tuiste gebou deur woorde, visuele kuns, musiek, teater, lag en prikkelende gesprekke. Hier ontdek ons nuwe stemme, sien ons gevestigde kunstenaars hul kuns verdiep, en herken gehore hulself in ander se stories. Vanjaar stel ons met trots 'n nuwe leefstylafdeling bekend waar ons kultuur en identiteit, die dinge wat ons óns maak, gevier word.

Terwyl die fees na nuwe Kaapse venues uitbrei, vier ons ook Kunstekaap se 55ste bestaansjaar en eer ons Adam Small, wat vanjaar 90 sou wees en waar sy *Kanna hy kô hystoe* die eerste keer opgevoer is. Soos ek dit onthou: "Dis 'n lang tyd, die jare, Kanna, maar die Here hy's darem genadig oek." Saam met prof. Steward van Wyk gesels ons oor hierdie nalatenskap, en of ons nou diep gesels of met 'n koesister op 'n Sondagoggend saam kuier, ons kan almal hystoe kô na ons Suidoosterfees-tuiste.

Dankie aan elke kunstenaar, borg, vennoot en feesganger wat hierdie fees moontlik maak en help om 'n ruimte te skep waar almal kan tuiskom.

Jana Hattingh

Uitvoerende hoof: Suidoosterfees

Welkom by die 23ste Suidoosterfees. Vanjaar nooi ons jou om tuis te kom.

Ons feestema, Tuiste | Home, herinner ons dat 'n tuiste 'n plek is waar stories gedeel word, stemme gehoor word en waar mense mekaar vind. Die kunste bied 'n ruimte waar ons almal kan behoort en aan ons drome kan bou.

Die Suidoosterfees is trots om in Kaapstad gehuisves te word, 'n stad waar kreatiwiteit floreer en nuwe en gevestigde kunstenaars hul werk met gehore kan deel. Ons program is saamgestel om die ryk diversiteit van ons gemeenskappe te vier.

Ons glo vas dat 'n belegging in die kunste 'n belegging in mense is. Deur projekte soos ons ontwikkelingsprogramme en ons samewerking met vennote en borge, skep ons platforms waar talent kan groei en waar jong stemme hul plek kan inneem. Só bou ons nie net 'n fees nie, maar 'n volhoubare kreatiewe ekosisteem.

Dankie aan elke kunstenaar, borg, vennoot en feesganger wat hierdie reis moontlik maak. Julle help om 'n ruimte te skep waar dialoog aangemoedig word en waar elkeen welkom is.

> ***'n Ruimte waar ons almal kan behoort en aan ons drome kan bou***

Die Suidoosterfees onderskryf en gee uitvoering aan wyle prof. Jakes Gerwel, een van die stigterslede, se visie van 'n geleentheid waar alle mense welkom is en sonder enige bedreiging of beletsel hulleself kan wees. Daarom is hierdie fees 'n oop, veilige ruimte vir vrye en diverse artistieke uitdrukking waar geen diskriminasie, in watter vorm of gedaante ookal, geduld word nie.



SUID OOSTER FEES

Boodskappe van borge en vennote

Tuiste

SUID OOSTER FEES

Alan Winde

Premier: Western Cape

For more than two decades, Suidoosterfees has stood as a powerful meeting place where the rich diversity of the Western Cape is celebrated and brought to life.

Through theatre, music, dance and storytelling, the festival gives authentic expression to who we are – reflecting both the uniqueness of our province and the broader tapestry of South Africa's cultural identity.

True to its reputation as the *Festival for All*, the Suidoosterfees invites people from all walks of life to engage with culture in ways that inspire, challenge and unite us. It offers space to honour our shared history while also embracing the evolution of our national identity, ensuring that our cultural heritage is not only preserved but also continuously reimagined for future generations.

Beyond its cultural significance, the Suidoosterfees plays an important role in strengthening the Western Cape's economy. As a flagship event on our province's vibrant social calendar, it supports local artists, creates jobs, attracts visitors, and contributes meaningfully to the growth of the creative and tourism sectors.

I would like to extend my best wishes to the organisers for another outstanding edition of the festival.

> ***Contributes meaningfully to growth in the creative and tourism sectors***

Ricardo Mackenzie

Western Cape Minister of Cultural Affairs and Sport

The Suidoosterfees has grown into far more than a celebration of the arts – it is a place of belonging and opportunity.

Under the theme Tuiste | Home, this year's festival reminds us that home is where talent is nurtured, voices are heard, and futures are built. The creative and cultural industries play a vital role in growing our economy, creating jobs, and opening pathways for young people to develop skills, confidence and sustainable livelihoods.

Through music, theatre, literature and visual art, the Suidoosterfees not only showcases our rich cultural heritage, but also strengthens the creative ecosystem of the Western Cape.

By investing in the arts, we invest in people. May this festival continue to inspire, empower, and provide a home where creativity and opportunity can flourish.

> ***The creative and cultural industries play a vital role in growing our economy, creating jobs, and opening pathways for young people.***

Geordin Hill-Lewis

Mayor of the City of Cape Town

It is with much excitement that we welcome the 2026 Suidoosterfees back to Cape Town's vibrant home of arts and culture – our beautiful Artscape Theatre. This festival has become a cornerstone of the Mother City's cultural landscape, and every year it continues to captivate audiences with its wonderfully diverse programme.

From the thrilling performances in drama, music, dance and comedy to the inspiring discussions and visual arts exhibitions, the Suidoosterfees is a celebration of creativity and collaboration. It is a space where emerging artists find a platform to showcase their talents alongside established icons of the South African stage.

The City of Cape Town is proud to support this much-loved festival, which enriches our cultural fabric and brings Capetonians together through the power of the arts. As we gather at the Artscape, let us celebrate the talent, passion and shared vision that drive the Suidoosterfees.

I wish all the performers, organisers and attendees an unforgettable experience at this year's festival.

> ***A celebration of creativity and collaboration***

Henriëtte Loubser

Hoofredakteur: Netwerk24

'n Tuiste is 'n plek waar jy jouself herken, kan konfronteer, kan uitleef. Dis 'n plek wat jy met jou teenwoordigheid kan vul en waar jy ook ander se teenwoordigheid kan akkommodeer.

Dit is presies hierdie soort ruimte wat die Suidoosterfees oor die jare geskep het. Die fees het gegroei uit 'n behoefte om plek te maak vir stemme wat nie altyd elders gehoor word nie, vir verhale wat te belangrik is om verlore te raak en vir gesprekke wat moet plaasvind, al is dit soms – selfs dikwels – ongemaklik.

Jy kan immers nie praat oor tuiste sonder om onderwerpe soos vervreemding, identiteit en om te behoort, te ondersoek nie – altyd relevant in ons land; toenemend 'n spilpunt in die wêreld.

Getrou aan die Suidoosterfees se standaard, sien ons vanjaar uit na die werk van kunstenaars wat "tuis" daarin is om produksies van die hoogste gehalte te lewer en ons op hierdie pad van selfondersoek en tuiskoms te begelei.

Baie geluk met die 23ste Suidoosterfees. Dit is vir Netwerk24 'n voorreg om saam deel te neem en te ondersteun.

> ***'n Plek wat jy met jou teenwoordigheid kan vul***

Willem Jordaan

Redakteur: *Die Burger*

TUISTE. Dit is die tema van Suidoosterfees 2026 – en hoe gepas is dit nie!

'n Tuiste is meer as net 'n fisiese plek, dit is waar ons voel ons behoort, waar ons stories wortel skiet en waar ons harte rus vind. *Die Burger* en die Suidoosterfees is natuurlik ook sulke tuistes waar ons gemeenskappe bymekaarkom, waar ons mekaar se stemme hoor en waar ons saam bou aan 'n gedeelde toekoms.

As storievertellers deel ons ook die verantwoordelikheid om die spieël op te hou – om ons wêreld en ons plek daarin te verstaan, maar ook om brûe te bou tussen mense van verskillende agtergronde. Die Suidoosterfees slaag telkens daarin om hierdie brûe met 'n puik program, 'n warm hartlikheid en wye inklusiwiteit te bou. *Die Burger* is geweldig trots om deel van hierdie reis te wees.

Mag vanjaar se fees werklik 'n tuiste skep vir almal wat dit bywoon – 'n plek van viering, begrip en hoop. Ek sien uit om jou daar te ontmoet.

> ***'n Plek van viering, begrip en hoop***

Waldimar Pelser

M-Net Direkteur:
Premium-kanale

Die sin van die lewe lê allermins net in fisiese oorlewing, so nodig as wat dit is. Ons moet en wil meer as net oorleef – ons wil ook in gesprek wees met wat dit is om mens te wees, om Suid-Afrikaans te wees, om oud te word, om Afrikaans te praat, al is dit net soms. Dit gee die lewe sin.

Om boonop te lag, jouself toe te laat om geroer te word, en saam met vriende en vreemdelinge te ervaar wat kultuurskeppers maak – dit is nie 'n luukse nie, maar 'n noodsaaklikheid vir enigiemand wat ontevrede met blote fisiese oorlewing is.

Die Suidoosterfees is daarom nie 'n luukse nie, al is dit so 'n bederf – dit is 'n samekoms waar ons mekaar sien, verstaan, liefkry. Dit is 'n viering van dit wat ons maak wie ons is; 'n ruimte vir reflekteer oor wat was; 'n wonderwêreld van donker sale waarin ons droom oor dit wat nog kan wees.

Dit is vir kykNET 'n baie groot voorreg om weer betrokke te wees.

> ***'n Samekoms waar ons mekaar sien, verstaan, liefkry***

Cornelia Faasen

Uitvoerende hoof: NATi

Oos, wes, tuis bes – In 'n landskap waar staatsondersteuning vir die kunste al hoe meer vervaag, word die vraag na waar kunstenaars tuishoort al hoe dringender. Die Suidoosterfees se tema vir 2026, Tuiste | Home, spreek hierdie vraag op 'n besonder betekenisvolle wyse aan.

Tuiste is meer as 'n fisiese plek. Ja, Kaapstad met sy berg en see bied die agtergrond vir hierdie fees, maar 'n ware tuiste word geskep waar mense gesien, gehoor en gekoester word. Dit is presies wat die Suidoosterfees al vir 23 jaar lank vermag: 'n ruimte waar kunstenaars en gehore mekaar vind, waar stories gedeel word, en waar die teater self 'n tuiste word.

In 'n tyd waarin die regering se afwesigheid in die kunstesektor skerp gevoel word, vervul feeste soos hierdie 'n onontbeerlike rol. Hulle is nie meer net platforms vir vermaak nie, maar lewensare vir 'n bedryf wat sonder hierdie strukture sal kwyn. Die vennootskappe wat hier gevorm word, naamlik tussen die Suidoosterfees en haar susterfeeste, NATi, die Jakes Gerwel Stigting, Media24, Artscape, die Feesteforum, die Festival Enterprise Catalyst en die Jobs Fund, om net 'n paar te noem, bewys dat die kunstesektor nie wag op redding nie, maar self gemeenskappe bou en talent koester.

Die NATi Jong Sterre-projek, wat weer eens by die fees aangebied word, is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Jong dramaturge vind hier nie net 'n verhoog nie, maar 'n tuiste waar hulle stemme vorm kan kry. Baie van ons Jong Sterre het reeds gevestigde name in die bedryf geword – 'n bewys dat belegging in talent vrugte dra.

Jana Hattingh en haar span skep jaar na jaar 'n fees wat grense oorskry en inklusiwiteit vier. Die Suidoosterfees herinner ons daaraan dat die kunste nie 'n luukse is nie, maar 'n noodsaaklikheid – 'n tuiste vir die siel.

Sonél Brits

Besturende direkteur: ATKV

Dis 'n reusevoorreg om weer met die Suidoosterfees kragte saam te span. Met vanjaar se tema, Tuiste, word 'n mens opnuut herinner aan die kunste se samesnoerende waarde.

Die ATKV wil deur ons betrokkenheid 'n nalatenskap skep waar elkeen tuis sal voel – 'n nalatenskap wat die rykdom van ons kunste omhels. En ís dit nie skatryk nie!

Die ATKV is veral opgewonde oor die tuiste wat vir jong feesgangers geskep word in die ATKV Kinder- en jeugteater-program. Om só in studente en leerders se kunstetoekoms te belê, is kernbelangrik om volhoubaarheid in die bedryf te kweek, maar ook omdat dit 'n belegging in die menswees van ons jongmense is. Die ATKV is trots om deur hierdie en ander kunste-inisiatiewe die verskil te wees.

Mag elke feesganger vanjaar hier tuis voel, want die deur van die kunste staan vir elkeen wyd oop.

> ***'n Nalatenskap wat die rykdom van ons kunste omhels***

Marlene le Roux

Uitvoerende hoof: Artscape

Artscape werk nog heeltyd daaraan om ‘n “tuiste vir almal” te wees – iets wat ons en Suidoosterfees in gemeen het.

Nou in sy 23ste bestaansjaar, word die fees, wat in 2007 na die Artscape-teaterkompleks geskuif het, vereenselwig met eindelose deure en geleenthede wat oopgaan om gedeelde en onvertelde ervarings na vore te bring. Dit is hoe mens platforms vir gemeenskappe skep om mekaar se ervarings onder een dak te deel, en sodoende ‘n “tuiste vir almal” te bied. Die Suidoosterfees deel ook ons visie om die diversiteit van Wes-Kaapse gemeenskappe te vier.

Nes Artscape is die fees ‘n belangrike forum vir kulturele kruisbestuiwing – van intellektuele gesprekke tot fisieke interaksies. Maar die Suidoosterfees se vennootskap met ons strek soveel verder: ons neem graag hande met ontwikkelingsprogramme soos die Hoërskool Dramafees en die New Voices-projek, om te verseker dat feesgangers toegang tot bekosbare produksies het.

Vanjaar is ook Artscape se 55ste bestaansjaar met allerlei programme wat deur die jaar aangebied gaan word. Saam met die Suidoosterfees is ons op reis om nog meer ervarings met mekaar te deel en mekaar nog beter te verstaan, te respekteer en om die skeppende kunste se noodsaaklikheid in ons samelewing te beklemtoon.

Ek verwelkom iedereen met ‘n oop hart en talle oop deure.

wat steek in jou?
nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF
www.nati.org.za


www.artscape.co.za
Artscape Theatre Centre
@artscapetheatre
Artscape Theatre
@artscapetheatre
Purchase tickets online or via Artscape's Dial-A-Seat on 021 421 3695 or Webtickets
DE MALAN STREET
FORESHORE, CAPE TOWN
55
ARTSCAPE
Artscape hosts a variety of magical shows from Indigenous to Classical, Comedy to Drama, Hip-Hop to Ballet, Opera to Pop, Song and Dance, and more, for the whole family to enjoy

Kort voor lank

Moontlik gemaak deur

LW Hiemstra Trust

SPIER ARTS TRUST

National Arts Council NAC
an Agency of the Department of Sport, Arts & Culture

PRESIDENTIAL EMPLOYMENT STIMULUS

nati NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

Tuiste

HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

JOHANN BRINK TRUST

sba

Adam Small 90

Moontlik gemaak deur die **Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA)** en aangebied deur die **Proscenium Dramakompetisie**

Adam Small sou in 2026 sy 90ste verjaardag gevier het en dis ook 10 jaar sedert hy oorlede is. Deur hierdie reeks kort verhoogstukke wil die SBA hierdie ikoon van die Afrikaanse letterkunde eer. Vier skrywers is genader om enige aspek of aanhaling van Adam Small te neem en na aanleiding daarvan 'n nuwe teks te skryf vir jong spelers van die Proscenium Dramakompetisie. Die idee is om Adam Small se werk te herverbeel en op 'n toeganklike manier met moderne gehore in gesprek te tree. Die vier produksies word as twee dubbelvertonings aangebied.

Adam Small 90 – deel 1

Ongekarteerde drome

MET **Jessica Chandler & Jeswaan Boneparte** SKRYWER **Chester Miggels** REGIE **Martlie Jordaan**

'Dis hoekom ek dit nie kan geverstaan het nie.' – *Kanna hy kô hystoe*

Hierdie aanhaling van Adam Small is 'n kragtige metafoor vir drome wat nie altyd raakgesien of verstaan word nie. Drome laat hulle nie noodwendig maklik in woorde vasvang nie, maar elke droom het sy eie bestaansreg. *Ongekarteerde drome* delf in die spanningsveld tussen drome en werklikheid en ondersoek temas soos vrees, verwagtinge en identiteit, terwyl dit vra hoe ons onsself definieer wanneer begrip ontbreek.

Jong kunstenaars tree kreatief in gesprek met een van Suid-Afrika se mees invloedryke literêre figure

Langs die pad uitsak

MET **Kayle Farmer & Giovanni Cloete**
SKRYWER **Miché van Wyk** REGIE **Adri-Jo Waterboer**

'... en so het hulle uitgesak langs die pad'
– uit 'Evangeliesasieverslag' in *Kitaar my kruis*

Almal is op 'n reis met 'n droom of bestemming voor oë, maar omstandighede buite ons beheer keer soms dat mense daar uitkom. In baie gemeenskappe is dit 'n groot prestasie om matriek te maak – 'n oomblik van trots vir ouers en gemeenskappe, en 'n bewys dat onderrig as 'n kosbare voorreg beskou word. *Langs die pad uitsak* ondersoek waarom onderrig noodsaaklik is, asook die struikelblokke wat jong mense verhinder om hul skoolloopbaan te voltooi.

2 Mei 14:15 & 20:15, 3 Mei 09:30 • Afr • ATKV Repteater • 30 min • Gratis

Adam Small 90 – deel 2

Tussen vlugte

MET **Amelie Bestbier & Jayden Pekeur**
SKRYWER **Miandra Hayward** REGIE **Dean Smith**

Kanna: 'Dit was die ander ek.'
Roeslyn: '... en Kanna sy hart was oek maar nie hierso nie.'

In *Kanna hy kô hystoe* sien ons die nagevolge van Kanna se afwesigheid uit die perspektief van sy familie en gemeenskap. In dié herinterpretasie sit Liam en Jana op die lughawe en wag vir hul vlug. Vanuit albei se perspektief word die tweestryd duidelik: die opwinding vir die moontlikhede versus die gevoel dat hulle die bekende en hulle geliefdes agterlaat. Nes Kanna, kan Liam die skuldgevoel dat hy sy gesin aan hul eie lot oorlaat, nie afskud nie, en Jana sukkel om te identifiseer met haar herkoms terwyl sy 'n 'ander ek' oorsee geword het.

Waar oekal djy belong

MET **Bronwynne Neer & Emma Nelson**
SKRYWER **Hein Poole** REGIE **Rafiek Mammon**

'To belong. That's the secret of living.
To belong man. Believe me. To belong!'
– Die Krismis van Map Jacobs

Adam Small het indringend geskryf oor die Groepsgebiedewet en die gedwonge skeiding van mense volgens ras. Vandag bestaan hierdie skeidings steeds, maar hulle loop dikwels langs die breuklyn tussen ryk en arm. *Waar oekal djy belong* ondersoek die spanning en botsings wat ontstaan wanneer twee jongmense uit uiteenlopende woongebiede mekaar se wêrelde binnegaan, terwyl 'n ouer in 'n welaf buurt werk én woon. Die stuk stel vrae oor behoort, verlies en die menslike behoefte aan verbondenheid in 'n steeds verdeelde samelewing.

1 Mei 14:15, 2 Mei 12:45 & 18:45 • Afr • ATKV Repteater • 30 min • Gratis

A Victor Borge Taster

MUSIEK & KOMEDIE

MET **Winand Grundling** REGIE **Winand Grundling** VERVAARDIGER **Erns Grundling**

Die gevierde orrelis Winand Grundling is ook 'n virtuose pianis met 'n besondere aanvoeling vir komedie. Hy het inspirasie gevind in die legendariese Victor Borge (1909–2000), die Deens-Amerikaanse komediant en pianis, vir 'n huldeblyk wat Borge se werk op 'n toeganklike en sprankelende manier aan ons feesgangers bekendstel. Borge se speelse, vermaaklike styl, saam met sy foutlose tegniek, kry nuwe lewe in 'n konsert wat beloof om gehore te laat skaterlag én tot nadenke te stem.

1 Mei 15:00, 3 Mei 19:30 • Afr, Eng • Johann Brink Teater • 30 min • R50

Baggage

TEATER

MET **Jurgen Mc Ewan & Aviwe Ngabom** TEKS & REGIE **Dean Balie**

Wamkelekile, welcome en welkom by I.S Sues Internasionale Lughawe. Twee bagasiehanteerders sorg dat elke tas sy eienaar betyds bereik – maar wat van die een tas wat niemand kom afhaal nie? In hierdie skerp, vinnige sketskomedie word Suid-Afrikaners se sosiale kwessies, oorgeërfde trauma en onverwerkte pyn uitgepak. Gelukkig is daar darem nog dienslewering … en sarkasme. Ns. Handig asseblief jou bagasie by die toonbank in.

29 April 15:45, 30 April 12:45, 2 Mei 11:15 • Afr, Eng, Xhosa • ATKV Repteater • Geen o. 16 T • 30 min • R50

Eenmanstuk

TEATER

Ondersteun deur **Het Jan Marais Nationale Fonds**

MET **De Klerk Oelofse** REGISSEUR **Wolf Britz**

'n Leë verhoog. 'n Werklose akteur. 'n Versameling eenbedrywe. 'n Mimiekspel. 'n Pantomime. 'n Strokiesprent. 'n Eenmanstuk. Jou verbeelding is die verfdoek!

1 Mei 11:15, 3 Mei 11:00 & 14:15 • Afr • ATKV Repteater • Geen o. 16 T • 30 min • R50

Encore

DANS & MUSIEK

MET **Waterfront Teaterskool-geselskap** VERVAARDIGER **Waterfront Theatre School**

Betree 'n wêreld binne waar die verhoog met skitterende ligte, musiek en toneelspel tot lewe kom – welkom by die skouspelagtige aanbieding van die Waterfront Theatre School. Kom beleef die veelsydigheid van ons jong kunstenaars wat speel, sing en dans deur 'n warrelwind van onvergeetlike Broadway-treffers. Van stygende vokale tot energiebelaaide choreografie – elke oomblik bruis van passie, presisie en teaterflair.

29 April 16:30, 1 Mei 13:30 • Eng • Johann Brink Teater • 30 min • R50

Flip-flop

KOMEDIE

MET **Deon Lotz & Gary Naidoo** TEKS & REGIE **Rafiek Mammon**

Hoeveel keer berei jy vir dae aaneen voor vir jou oudisie? Hoeveel keer maak jy jou naam sleg voor 'n casting director wat net skree 'next!'? Hoeveel keer sing jy tot die aartjies op jou voorkop wil bars? Net om te hoor dat iemand jonger, fikser en met witter tande die rol gekry het? Twee akteurs deel hul stories: die highs, die lows van wat agter die skerms aangaan en hoe hard jy moet werk vir ten minste 'n call-back om óf die wolf te speel in 'n herverbeelde weergawe van *Rooikappie*, óf die featured ekstra in 'n Vin Diesel-fliek.

30 April 14:15, 1 Mei 17:15 & 20:15 • Afr, Eng • ATKV Repteater • Geen o. 13 T • 30 min • R50

Jakobregop

'N SATERSPEL

MET **Dean Balie, Marcel Meyer & Anzio September** SKRYWER **Hennie Aucamp** REGIE **Fred Abrahamse** ONTWERP **Marcel Meyer & Fred Abrahamse** VERVAARDIGERS **Abrahamse & Meyer Productions**, in samewerking met **Suidoosterfees**

In hierdie wêreldpremière van Hennie Aucamp se heerlik ondeunde,

skaterlag-saterspel sit twee verouderende 'boesemvyande', Beulah en Freda, skielik met 'n asemrowende jong Adonis op die voorstoep – en voor iemand kan keer, is die jakkals los in die hoenderhok. Hierdie slegsvir-volwassenes komedie van stoute maniere wys dat die hart (en ander ledemate) nie sommer aftree nie, en dat 'n mens nooit té grys is vir nóg een laaste rol in die hooi nie.

29 April 21:00, 30 April 19:00 & 21:00 • Afr • Arena Teater • Geen o. 18 N • 30 min • R100

Karamonkie

KABARET

MET **Bianca Flanders** REGIE **Jemma Kahn**

Hierdie heerlike nuwe kabaret is soos 'n watertand-smulbord vol teaterhappies. Dis speels, uitdagend en verbuig grense tussen genres. Met 'n ryk aanbod van kontemporêre Suid-Afrikaanse skryfwerk, skerp humor, visuele sprankel en kamishibai (tradisionele papierteater), gaan dié produksie harte verower. Feesgangers word uitgenooi vir 'n vars, vindingryke en onweerstaanbaar plesierige ervaring op die Suidoosterfeesverhoog.

29 April 20:15, 30 April 11:00, 3 Mei 18:45 • Eng • ATKV Repteater • 30 min • R50

'n Seun na my hart

DRAMA

MET **Michele Burgers, Ben Albertyn & Ira Blanckenberg** TEKS **Ingrid Jonker** REGIE **Marí Borstlap**

Twee vriendinne, Anna en Maria, maak gereed vir die jaarlikse 'besoek' van Anna se ontslape seun Simon. Simon se opwagting laat dit egter duidelik word dat Anna se mymeringe oor haar seun nie vertrou kan word nie … Ingrid Jonker se enigste toneelstuk is 'n drama vol misterie en angs wat 50 jaar later steeds boei.

29 April 14:15, 30 April 09:30, 3 Mei 12:45 • Afr • ATKV Repteater • Geen o. 10 T • 30 min • R50

Net 'n bietjie liefde

MUSIEK

MET **André Schwartz & J.J. Petersen**
Hennie Aucamp het diep vriendskappe in die teaterbedryf gesmee. As 18-jarige het André

Schwartz die gevierde skrywer ontmoet, waarna Aucamp hom aan die musiek van Jacques Brel bekendgestel het. Hierdie vertoning vier André se vriendskappe met bekende kunstenaars en fokus primêr op die musiek wat deur die invloed van mentors ontdek is.

30 April 18:45, 1 Mei 18:45 • Afr • ATKV Repteater • 30 min • R50

Opera Trios: Love Triangles, Trysts and Intrigue

OPERA

MET **Lisa Engelbrecht** (klavier), **Mia-Lana Hough** (sopraan), **Lilitha Nkuku** (mezzo-sopraan) & **Themba Mdlalose** (bariton) PRODUKSIEHUIS **Opera UCT**

Drie van Opera UCT se beste jong stemme, begelei deur die vokale afrigter en répétiteur dr. Lisa Engelbrecht, nooi jou op 'n sprankelende reis deur van die mees geliefde opera-trio's. Van die elegansie van Händel en die spitsvondigheid van Mozart tot die flair van Rossini en die bekoring van Strauss, bied hierdie heerlike konsert uitnemende trio's uit operagunstelinge soos *Alcina*, *Così fan tutte*, *Die huwelik van Figaro*, *Die barbier van Seville* en *Die Fledermaus*. Jy kan uitsien na vokale vuurwerke, 'n speelse aanslag en oomblikke van liriese skoonheid.

30 April 16:30, 2 Mei 15:00 • Eng, Italiaans, Duits • Johann Brink Teater • 30 min • R50

Op reis in 30 minute

MUSIEK

MET **Luna Paige**

Luna Paige deel die inspirasie agter haar nuutste musiek. Sy sing liedjies wat ontstaan het uit 13 dae se stap langs die Spaanse Camino en twee maande se reis deur die Mediterreense streke – 'n lewensveranderende ervaring wat tot diep insigte gelei het. In hierdie intieme aanbieding verken Luna ruimtes waar beweging, innerlike stilte, selfliefde en aanvaarding in harmonie saamvloei. Sy sing oor die ervarings wat alle reisigers op hierdie wonderbaarlike planeet deel. Kom reis vir 30 minute saam.

2 Mei 17:15, 3 Mei 15:45 • Afr • ATKV Repteater • 30 min • R50

Ouma slaan 'n ses hemel toe

TEATER

Ondersteun deur **Het Jan Marais Nationale Fonds**

MET **Veronique Jephtas** TEKS **Veronique Jephtas** REGIE **Lee-Ann van Rooi** VERHOOGBESTUUR **Cole Wessels**

Ouma slaan 'n ses hemel toe is 'n poëtiese rouklag oor 'n miskraam, vrugbaarheid, geloof en verlies. Deur metafore van getalle, politiek, familie en kos word skuld, liefde en wat kon wees onder die soeklig geplaas. Dit is 'n intieme gesprek met God oor ouerskap en die liggaam waar rou, reis en verbeelding mekaar vashou.

29 April 17:15, 30 April 15:45 & 20:15 • Kaaps • ATKV Repteater • Geen o. 13 T • 30 min • R50

Pick a Struggle

KOMEDIE

MET **Zach Esau & Roland du Preez** TEKS **Zach Esau & Roland du Preez**

Die komedie-duo Zach Esau en Roland du Preez bring skerp skaterlag-humor wat die snaakse kant van die stryd wat hedendaagse minderhede beleef, belig. In *Pick a Struggle* put hulle uit hul eie ervarings as 'n persoon van kleur en 'n moffie. Hulle kombineer vlymskerp pittighede met kwesbaarheid en ondeundheid wat kulmineer in slim waarnemings, onverwagse teerheid en komedie wat jou gaan oorrompel.

29 April 18:45, 3 Mei 20:15 • Eng • ATKV Repteater • Geen o. 13 T • 30 min • R50

Sands of Time

DANS

MET **Jacqui Pells-Balletskool-geselskap** REGIE **Jacqui Pells & Tracey Aaron** VERVAARDIGER **Jacqui Pells Balletskool** – Apex-program

'Soos sand deur 'n uurglas, is die verloop van tyd tegelyk vas en verganklik.'

29 April 18:00, 1 Mei 18:00 • Eng • Johann Brink Teater • 30 min • R50

Sbo Ndaba's Bolero

DANS

CHOREOGRAFIE **Sbonakaliso Ndaba**
MUSIEK **Ravel – *Bolero*** DANSERS **Akhona Mpoza, Asemahle Dayimani, Bartholomew Pietersen, Clayton Janicke, Davidene Diamond, Inam Dyonasi, Lathitha Numgco, Litha Makanda, Lusindiso Dibela, Sanezo (Xola) Tyuka, Sinalo Vakala, Sinazo Mxeli, Sonwabile Mhlonyane, Vuyolwethu Mdluli & Wanie Johannes**

SboNdaba Dance, bekend vir hul asemrowende versmelting van kontemporêre dans en Afrika-ritmes, steek elke ruimte waarin hulle optree aan die brand. Kom verwonder jou aan liggame wat deur die lug sweef, spronge wat swaartekrag uitdaag en die polsing van onstuitbare energie. Dié geselskap wat deur Sbonakaliso 'Sbo' Ndaba gestig is, is oral bemind vir hul emosioneel gelade en fisiek aanskoulike werke, deurdrenk met ritmes van ons kontinent en tipiese township-flair. Dit is dans wat jou raak – hart, liggaam en siel.

29 April 15:00, 1 Mei 12:00 • Eng • Johann Brink Teater • 30 min • R50

Songs van die hart

MUSIEK

MET **Jodi Jantjies, Karen Petersen & Melvin Williams** (klavier)
MUSIEKREGISSEUR **Melvin Williams**

Jodi Jantjies en Karen Petersen bring 'n intieme, energieke musiekvertoning wat uithouvermoë, geloof en ons Kaapse erfenis vier, asook die moed om jou regmatige plek in die samelewing in te neem. Met eerlike stories en liedjies reg uit die hart, skep hierdie duo 'n storiegedrewe ervaring wat feesgangers diep gaan raak en temas van hoop, vasbyt en selfskepping laat weerklink.

2 Mei 15:45, 3 Mei 17:15 • Afr, Eng • ATKV Repteater • 25 min • R50

Stadskoor, -Choir, -iKwayara sing Diva-pop

MUSIEK

MET **Manila von Teez & Stadskoor, -Choir, -iKwayara**

Stadskoor, -Choir, -iKwayara se splinternuwe produksie bring hulde aan die grootste pop-divas van ons tyd. In hierdie unieke koorervaring word ikoniese liedjies herverbeel met ryk harmonieë, energieke vertolkings en 'n vars, moderne klank wat die emosies opklits. Die skitterende drag queen Manila von Teez gee ekstra flair, humor, styl, glans én sprankel aan die konsert. Saam vier hulle stemkrag, identiteit en selfvertroue in 'n produksie wat gehore gaan verras, ontroer en laat saamsing van begin tot einde – 'n ware fees vir ore én oë.

2 Mei 13:30 & 16:30, 3 Mei 13:30 • Afr, Eng • Johann Brink Teater • 25 min • R50

The Magic of Musicals: From Good to Great

MUSIEK

MET **Northlink Kollege-studente** REGIE **Mary-Jane Zimri** MUSIEKREGISSEUR **Brandon Cassels**

'n Op-en-wakker revue wat die impak van musiekblyspele in film en teater vier – en hoe stories en liedjies ons inspireer om te droom, te groei en te triomfeer. Aangebied deur die dinamiese studente van Northlink Kollege, neem hierdie energieke produksie gehore op 'n vreugdevolle reis van onskuld en groot drome. Met skouspelagtige nommers, kleurvolle choreografie en hartroerende vertolkings herinner *The Magic of Musicals* ons hoe ver ons kan gaan wanneer passie en deursettingsvermoë saamspeel. Suiwer feesgenot van begin tot einde!

30 April 18:00, 3 Mei 16:30 • Eng • Johann Brink Teater • 30 min • R50

The Tramp (Bite-sized)

MINI-MUSIEKBLYSPEL

MET **Daniel Anderson & Paul Ferreira** (klavier) TEKS & REGIE **Amanda Bothma** VERVAARDIGER **Wêla Kapela**

Hy is 'n heer, 'n digter, 'n dromer – 'n eensame siel wat aanhou hoop op avontuur en romanse. Hy flous jou maklik om te glo hy is 'n wetenskaplike, 'n musikant, 'n hertog of selfs 'n polospeler. Wêla Kapela, die span agter die veelbekroonde *Vincent*, bied 'n 20-minuut voorsmakie van hul nuutste musiekblyspel *The Tramp* aan: die verhaal van Charlie Chaplin deur die oë van sy geliefde alter ego. Maak jou reg vir skandale, sappige skinderstories en 'n hofsaak wat soos 'n sirkus verloop. Hoe het die beroemdste man in die wêreld 'n uitgeworpene in sy nuwe land geword?

30 April 17:15, 1 Mei 12:45 & 15:45 • Eng • ATKV Repteater • Geen o. 16 T • 20 min • R50

Unmute

DANS

MET **Unmute-dansers** CHOREOGRAAF **Andile Vellem**

Unmute is 'n kontemporêre dansstuk, gechoreografeer deur Andile Vellem, wat inspirasie put uit sy eie ervaring as 'n dowe danser. Andile gebruik Suid-Afrikaanse Gebaretaal as primêre bewegingstaal. Deur dansers met uiteenlopende vermoëns byeen te bring, daag die werk konvensionele idees oor kommunikasie, uitdrukking en inklusiwiteit uit. Dit vergestalt 'n sterk visie van samewerking en integrasie deur dans.

1 Mei 16:30, 2 Mei 18:00 • Gebaretaal • Johann Brink Teater • 30 min • R50

Verweef

MUSIEK

MET **Corneil Müller**

'n Intieme, sielsroerende musiek-ervaring waarin sanger en tjellis Corneil Müller stem, tjello en klavier saamsnoer tot 'n fyn verweefde klankwêreld. In hierdie poëtiese musikale gesprek verken hy die blywende krag van betekenisvolle teks en melodie, en hoe woorde en musiek saam emosies verdiep en herinneringe laat herleef. Met eerlikheid en warmte bied Corneil 'n nostalgiese blik op dit wat was, dit wat is en dit wat nog op pad is.

3 Mei 15:00 & 18:00 • Afr, Eng • Johann Brink Teater • 30 min • R50



CAPE TOWN
OPERA
G. BIZET
CARMEN
19-31 MAY 2026
SCAN FOR MORE INFO OR VISIT OUR WEBSITE AT
WWW.CAPETOWNOPERA.CO.ZA
ARTSCAPE OPERA HOUSE

Musiek

Ondersteun deur

dotsure.co.za
Online insurance. Name Your Price!

Kuier

THE NATIONAL YOUTH MUSIC FOUNDATION

ATKV

kykNET

Saidoaster

HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

homebrew FILMS

Tuiste

CAPE TOWN OPERA

CAPE TOWN PHILHARMONIC

JOHANN BRINK TRUST

Anna Davel en The Melisizwe Plaatjie Collective

MET **Anna Davel, Melisizwe Plaatjie, Kerwin Albertus, Henco Bester, Nande Mdlambuzi, Pizzo Magatyana & Stuart Martin** TEKS, REGIE & VERVAARDIGER **Anna Davel** MUSIEKREGIE **Melisizwe Plaatjie**

In hierdie meesleurende klankervaring waar jazz asemhaal, ontmoet Anna Davel en die Melisizwe Plaatjie-kollektief mekaar vir 'n onvergeetlike konsert wat plaaslike én wêreldmusiek vier. Van die rokerige klubs van New Orleans tot die ritmiese hartklop van Latyns-Amerika, van die fyn elegansie van Europese jazz tot die verrukking van Suid-Afrikaanse klanke. Hulle lewer 'n tapisserie van stories, ritmes en improvisasie wat lank ná die laaste noot in jou gedagtes gaan eggo. Kom luister, beleef en reis saam.

1 Mei 18:30 • Meertalig • Kaapstad-Burgersentrum • 75 min • R150

ATKV-Koorgala

Moontlik gemaak deur die **ATKV**

MET **Stephanie Baartman**, **Lynelle Kenned**, die **Lyrikos Jeugkoor** & wenners van die **ATKV-Suidoosterfees-koorkompetisie** ORKES **ATKV-Crescendo-orkes** MUSIEKREGIE **Lizl Gaffley**

Die *ATKV-Koorgala* is 'n sprankelende viering van alles wat koorsang so betowerend maak: kragtige stemme uit ons unieke gemeenskappe, en stories wat harte raak. Onder leiding van seremoniemeester Stephanie Baartman word gehore getrakteer op roerende optredes deur Lynelle Kenned, die Lyrikos Jeugkoor en die wenners van die ATKV-Suidoosterfees-koorkompetisie. Die aand bereik 'n hoogtepunt met 'n asemrowende massakoorvertoning wat die gees van samewerking, eenheid en musikale uitnemendheid laat opvlam. 'n Onvergeetlike gala-ervaring propvol harmonie, energie en inspirasie!

3 Mei 14:00 • Afr, Eng • kykNET Teater • 70 min • R100, R60

ATKV-Suidoosterfees -koorkompetisie

KOÖRDINEERDER **Corneli Quinn**
BEOORDELAARS **Hannelize du Plessis, Jade Paige & Lizl Gaffley**

In 2026 vier die ATKV-Suidoosterfees-koorkompetisie 'n uitsonderlike mylpaal! Hierdie merkwaardige geleentheid, waar Wes-Kaapse amateurkore byeengebring word, herdenk vanjaar sy 20ste bestaansjaar. Alreeds vir twee dekades skep hierdie kompetisie 'n platform waar gemeenskapskore, kerkkore en plaaskore hul passie en toewyding vir koorsang kan uitleef. Dit is inderdaad meer as net 'n kompetisie, dit is 'n feesviering van gemeenskap en die blywende krag van samesang.

3 Mei 08:00 • Meertalig • kykNET Teater • 210 min • Gratis

Autumn Symphonies at the City Hall

MET **Peter Martens** (tjello), dirigente **Liam Burden & Arjan Tien** & die **Kaapstad Filharmoniese Orkes**

Peter Martens, die Kaapstad Filharmoniese Orkes se hoof-tjellis, voer Sjosjtakowitsj se *Tjellokonsert nr. 1 in Es majeur, Op. 107* uit tydens die afsluitingskonsert van die orkes se Herfssimfonie-seisoen in die Stadsaal. Arjan Tien, gerespekteerde opvoedkundige en dirigent, bied sy interpretasie van Dvořák se *Simfonie nr. 6 in D majeur, Op. 60* aan. Debussy se *Prélude à l'après-midi d'un faune* is ook op die program.

30 April 19:30 • Kaapstad Stadsaal, Darlingstraat • 150 min • R190 – R450

Bambi in kabaret

MET **Pieter-Dirk Uys** PIANIS **Godfrey Johnson**

Bambi is terug! Só sê die *Sunday Times*: 'Bambi Kellermann, the controversial sister of Evita Bezuidenhout, shares her international dramas in a very clever cross-over between stand-up comedy and cabaret, interwoven with her hilarious distortion of popular boere-liedjies. Seductive, crude and spot on; Bambi is a mindblast!'

1 Mei 17:00 • Afr, Eng, Duits • kykNET Teater • Geen o. 10 • 80 min • R180, R160, R140

Die siel van Eugène Marais

Speelvak ondersteun deur die **Johann Brink Trust**

MET **Daniel Anderson & Paul Ferreira** TEKS & REGIE **Amanda Bothma** MUSIEKREGIE **Paul Ferreira** BELIGTINGSONTWERP & VERHOOGBESTUUR **Barry Strydom** STELONTWERP **Wilhelm Disbergen** VERVAARDIGER **Wêla Kapela**

'n Dramatiese reis deur die innerlike wêreld van een van Suid-Afrika se mees komplekse en tragiese literêre figure. Hierdie kabaret speel af teen die agtergrond van 'n onstuimige tydperk in die Afrikaner- en Suid-Afrikaanse geskiedenis. Marais, 'n onwaarskynlike Afrikanerheld, pas nie netjies in die boksie van die tradisionele ikoon nie – en juis dáár lê sy betekenis. Die stuk volg sy metamorfose van 'n sjarmante jong joernalis en charismatiese student in Londen tot die gebroke, verslete man in sy latere jare.

29 April 20:00, 30 April 09:00 • Afr, Eng • Johann Brink Teater • OB • 65 min • R150

GEKANSELLEER

Early B & Salome

MET **Early B & Salome**

Wanneer Early B en Salome op die Suidoosterhoogte verhoog is, gaan hul outentieke Afrikaanse klanke jou oorrompel en jou laat tjaila in die mooiste wêreldstad. Early B se koniese ritmes, skerp lirieke en onmiskenbare energie saam met Salome se ryk, meesleurende stem beloof 'n musiekreis wat jou laat sidder tussen emosie en euforie, tussen storie en beat – die perfekte klankbaan vir ons feestema 'Tuis'. Kom deel in die hartklop van ons Moederstad. Dis meer as 'n konsert – dit is 'n ware tuiskoms.

3 Mei 12:30 • Afr, Eng • The Capetonian Operahuis • 80 min • R180, R160, R140

Händel en die donkie

Moontlik gemaak deur **Het Jan Marais Nationale Fonds**

MET **Nataniël, Charl du Plessis, Petrus de Beer** (viool), **Renée van der Westhuizen** (viool), **Emile de Roubaix** (knieviool) **& Anjulie de Vos-Nock** (tjello) KOSTUUMS **Floris Louw**

Met hierdie nuutste vertoning dissekteer Nataniël die waarde en wonde van indrukke, dit wat elkeen lewenslank bybly en vorm. Die ster in die oog, die storm in die hart, voor op die tong of diep gebêre, elke indruk bepaal elke tree. Nataniël deel herinneringe, wondere en waansin. Van jazz tot pop tot die barokklanke van Georg Friedrich Händel – Nataniël bring sy wye musikale repertoire, aangebied met 'n nuwe versameling verhale! Hy deel die verhoog met Steinway-pianis Charl du Plessis, asook 'n strykkwartet met vier van die beste Kaapse musikante. *Händel en die donkie* – snaaks, dramaties en o, so mooi – 'n móét vir die fynproewer!

30 April 20:00, 1 Mei 11:30 • Afr • The Capetonian Operahuis • Geen o. 14 • 85 min • R180, R160, R140

Hettema ontbloot: digters, divas en 'n titsel Parys

Moontlik gemaak deur die **Johann Brink Trust**

MET **Helena Hettema**

'n Sielvolle kragtoer waarin die enigmatiese Helena Hettema haarself en haar kuns opreg aan feesgangers blootlê. Met voordragte uit haar bekroonde debuut-digbundel *Journeyman* neem sy gehore op 'n emosionele reis deur universele temas soos ontwaking, liefde, verlies, dood en uitgeworpenes, verweef met skerp sosiale kommentaar. Sy laat ikoniese digters soos N.P. van Wyk Louw en Antjie Krog musikaal opklink, terwyl sy hulde bring aan tydlose divas soos Marlene Dietrich, Shirley Bassey, Judy Garland en Edith Piaf. Dis teater, poësie en musiek in een betowerende ervaring.

2 Mei 18:30 • Afr, Eng, Frans • Kaapstad -Burgersentrum • 70 min • R150

Hoort

MET **Stephanie Baartman** PIANIS **Janine Neethling** TEKS **Stephanie Baartman & Johann Slabbert** REGIE **Elzabé Zietsman** VERVAARDIGER **Drama Drama**

'n Semi-outobiografiese kabaret wat jou laat lag, huil en met nuwe oë na jou eie storie kyk. Dit vertel die verhaal van Stephanie, die dogter van twee pastore, wat haar plek in die wêreld soek te midde van haar gemengde agtergrond en ons komplekse geskiedenis. Met humor, patos en

'n mengsel van koortjies, ghoema, jazz en oorspronklike Afrikaanse komposisies besef sy: Om in te pas is een ding, maar om te behoort, is iets heeltemal anders. Wenner van die Woordtrofee vir uitsonderlike bydrae tot kontemporêre musiek: klein groepe by die Toyota Stellenbosch Woordfees in 2025.

2 Mei 11:00 • Afr • Kaapstad-Burgersentrum • 80 min • R150

Konsert van hoop

Aangebied in samewerking met die **Nasionale Jeugmusiekstigting, Kaapstad se Filharmoniese Jeugorkes & Kaapstad Opera**

MET **Kaapstad se Filharmoniese Jeugorkes** gedirigeer deur **Liam Burden** MC **Lee-Ann van Rooi** GASKUNSTENAARS **Craig Lucas, Joshua na die Reën, Rethabile Khaile, Thandolwethu Longo, Kyrah Adams, Jan van Riebeeck-skoolkoor, Figure of 8 Dansteater & Dance for All** ORKES **Sean Sanby** (baskitaar), **Stefan Lombard** (klavier), **Darren Petersen** (tromme) **& Ruben Gerritz** (kitaar)

Konsert van hoop open die Suidoosterfees se 23ste jaar met 'n luisterryke, jubelende musiekfees propvol populêre en klassieke werke. Die Kaapstadse Filharmoniese Jeugorkes, onder leiding van dirigent Liam Burden, deel die Operahuis-verhoog met die goue stemme van jong gaskunstenaars, sterre van die Kaapstad Opera se Jeugkunstenaarsprogram, die energieke Jan van Riebeeck Senior Koor en uitblinkers van die Nasionale Jeugmusiekstigting. Professionele dansers van Figure of 8 en Dance for All voeg ekstra glans en ritme by. Verwag ikoniese treffers, klassieke hoogtepunte en 'n boodskap van hoop wat ons mense en ons stad vier – 'n feestelike begin vol talent, inspirasie en trots.

29 April 18:30 • Afr, Eng • The Capetonian Operahuis • 70 min • R160, R140, R120

Kuier Karaoke

In samewerking met **Kuier & Smile 90.4 FM**

SEREMONIEMEESTER Die gewilde **Smile 90.4 FM**-aanbieder **Keeno-Lee Hector**

Dis tyd om die mikrofoon te gryp en jou stem te laat hoor! By *Kuier Karaoke* word die verhoog joune – saam met van jou gunstelingsterre uit die treffersepie *Suidooster*. Kom kuier, lag en sing uit volle bors terwyl akteurs en feesgangers skouers skuur in 'n ontspanne, feestelike atmosfeer. Of jy nou 'n stortsanger of 'n verhoogvraat is, hier is plek vir almal om deel te wees van die pret.

30 April 20:00 • Afr, Eng • Netwerk24-feeskafee • 120 min • Gratis

Magnifico

MET **Magdalene Minnaar, Sima Mashazi & Timothy Moloi** ORKES **Chanie Jonker** (klavier), **Henry Steel** (kitaar), **Schalk Joubert** (baskitaar) & **Schalk Wassenaar** (perkussie) MUSIEKREGISSEUR **Chanie Jonker** VERVAARDIGER **Ilse Schürmann**

Magnifico is 'n musikale viering wat uitnemende stemme, virtuose musici en elegante musikale stories byeenbring. Hierdie inspirerende produksie is sorgvuldig saamgestel om 'n keur van klassieke gunstelinge en tydlose meesterwerke op 'n kontemporêr herverbeelde manier aan feesgangers te bring. Met meesterlike orkesbegeleiding beweeg die produksie moeiteloos tussen intimiteit en grootsheid sodat melodie in ryk aangrypende klanklandskappe ontvou. 'n Onvergeetlike ervaring wat vakmanskap en die suiwer vreugde van kuns tot lewe laat kom.

3 Mei 11:00 • Eng, Afr • Kaapstad-Burgersentrum • 60 min • R150

No Place Like Home

A Musical Celebration of Cape Town

MET **Loukmaan Adams, Jody Abrahams, Christo Davids, Fancy Galada, Churchill Naude, Mekaila Mathys, The Galacticos & 'n sterbelaaide geselskap**
PRODUKSIEHUIS **LA Productions**

Hoe klink tuiste? Na die gehuil van die Suidooster, die gebederoep teen sononder, ghoema-ritmes wat deur die strate rol, of branders wat teen Blouberg se strand breek? *No Place Like Home* is 'n asemrowende musiekteater-ervaring wat Kaapstad vier – 'n stad wat in ons harte gegrif is. Dit bring hulde aan ikoniese Suid-Afrikaanse liedere, Kaapse Maleier-melodieë, jazz-gunstelinge, kontemporêre Kaapse hip-hop en roerende treffers van verlange en hoop. Die kleure en geure van die Moederstad – van karnaval-optogte tot township-ritmes – neem besit van die Suidoosterfees-verhoog.

1 Mei 16:00 & 19:30 • Afr, Eng • The Capetonian Operahuis • 70 min • R200

Oorkant die pad

Rond jou dag af met die verkwiklike koel klanke van Suid-Afrika se voorste jazzmeesters. Kry iets om te eet, geniet 'n drankie en ontspan saam met mede-jazzliefhebbers en musikante by *Oorkant die pad*. Dit is die perfekte manier om te ontspan en die dag rustig af te sluit.

Oorkant die pad: Eldred Schilder

MET **Eldred Schilder, George Werner, Zhivago Hagan** (saksofoon) **& Dillon Myburgh**

Eldred Schilder, 'n afstammeling van een van Kaapstad se bekende jazzfamilies, is 'n talentvolle baskitaarspeler, komponis en orkesleier. By die Suidoosterfees kan gehore uitsien na uitvoerings uit sy 2023-album *Tanziah*, asook van sy meer onlangse werk.

30 April 21:00 • Eng, Afr • Kaapstad-Burgersentrum • 60 min • R70

Oorkant die pad: Ramon Alexander

MET **Ramon Alexander, Charl Clayton, Adam Fredericks & Annemie Nel**

Ramon Alexander is 'n bekroonde pianis, komponis, orkesleier en opvoeder. By die Suidoosterfees kan gehore uitsien na sy kenmerkende vermenging van tradisionele Kaapse jazz en invloede uit moderne style. As 'n musiekopvoeder bring hy jong talent en ervare musikante saam vir 'n boeiende uitvoering.

2 Mei 21:00 • Eng, Afr • Kaapstad-Burgersentrum • 60 min • R70

Oorkant die pad: Bheki Khoza

MET **Bheki Khosa, Kyle Damons, Chadleigh Gowar & Caleb Dlamini**

Bheki Khoza – die 'jazzpriester van Durban' – is 'n gerekende Suid-Afrikaanse jazzkitaarspeler, komponis, vervaardiger en opvoeder, en veral bekend vir sy linkshandige styl en sterk verbintenis met Zoeloe-musiektradisies. Bheki is 'n boorling van Umlazi, Durban, en sy vermening van sy kulturele erfenis met moderne jazz lewer 'n sleutelbydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse jazzkitaar.

1 Mei 21:00 • Eng, Afr • Kaapstad-Burgersentrum • 60 min • R70



Orfeo ed Euridice

MET **Rosa van der Dussen, UK Operakoor & -orkes, & Cape Ballet Africa-dansers** KOMPONIS **Christoph Willibald Gluck** REGISSEUR **Jeremy Silver**

Kan liefde en musiek die verloop van die noodlot verander? Gluck se hervertelling van hierdie tydlose Griekse mite dek die hoogte- en laagtepunte van die menslike ervaring wanneer die musikant Orfeus probeer om sy geliefde vrou, Euridike, uit die dood op te wek. Hierdie pragtige opera betower al jare lank gehore in Kaapstad en wêreldwyd. Met die mezzo-sopraan Rosa van der Dussen as Orfeus, word die opera in Italiaans gesing met geprojekteerde onderskrifte in Engels en isiXhosa.

29 April 20:00 • Italiaans, Eng, Xhosa • kykNET Teater • 90 min • R250, R200, R150

Spiritual Songs – 'n Viering van vokale meesterskap en heilige klank

MET **Niël Rademan** (bariton), **Paulina Malefane** (sopraan), **Stadskoor, -Choir, -Ikawayara** o.l.v. **Pieter Bezuidenhout**, **Treble Clefs** o.l.v. **Elaine Johnson & Elna van der Merwe** (klavier)

Spiritual Songs is 'n roerende viering van vokale meesterskap en heilige klank wat die siel raak en die hart verhef. Hierdie luisterryke konsert bring tydlose werke van geloof en kuns bymekaar in 'n atmosfeer van eerbied, warmte en passie. Gehore kan uitsien na kragtige solo-oomblikke, ryk koorharmonieë en sensitiewe klavierbegeleiding wat saam 'n intieme, inspirerende klankwêreld skep.

3 Mei 17:00 • Afr, Eng • kykNET Teater • 70 min • R180, R160, R140

Stille vuur

Speelvak ondersteun deur **Het Jan Marais Nationale Fonds**

MET **Frieda van den Heever, Coenie de Villiers, Mauritz Lotz & Deon Meyer** MUSIEK **Frieda van den Heever, Coenie de Villiers & Mauritz Lotz** LIRIEKE & TEKS **Deon Meyer, Frieda van den Heever & Coenie de Villiers** BELIGTINGSONTWERP & INKLEDING **Pieter-Jan Kapp** VERVAARDIGER **CDV Market Ideation**

Die wêreld het – meer as óóit – vrede nodig. Die enigste manier om vrede in 'n gebroke wêreld te bewerkstellig, is om dit met passie na te jaag: Om 'n stille vuur van skoonheid te skep. Vier legendariese kunstenaars steek deur middel van musiek, liriek en vertelkuns hierdie vredesvlam aan. Frieda van den Heever en Coenie de Villiers skuif agter die klawers in met nuwe komposisies en bekende musiek in 'n ander gedaante. Kitaargenie Mauritz Lotz bring as volwaardige komponis en medeskepper sy orkestrale werk na die verhoog, en Suid-Afrika se bekroonde en geliefde skrywer Deon Meyer sluit as gasverteller op die verhoog aan met nuwe werk uit sy pen. Kom beleef hoe warm 'n stille vuur kán brand.

1 Mei 20:30 • Afr • kykNET Teater • 70 min • R180, R160, R140

Suidooster Stormsterk

Ondersteun deur **kykNET** & **Homebrew Films**

MET **Dean Smith, Jawaahier Petersen, Craig Adriaanse, Irvine van der Merwe, Eden Classens, Lauren Joseph, Char Carrie & talle ander *Suidooster*-sterre** KONSEP & TEKS **Wilmer Müller** DANSERS **Logan Cornelius, Casey Nel, Adré Kleyn, Cassidy Johnson, Nina van Zyl, Lee Miller & Lesley-Anne Hanslo** CHOREOGRAAF **Braeden Buys** ORKES **Jody Petersen, Eddy Strings, Roché Europa, J.P. Crouch & Juandré Jacobs** PRODUKSIEKOÖRDINEERDER **Jeremeo le Cordeur** REGISSEUR **Yolandé Rabé**

Maak gereed vir 'n stormsterk vertoning vol glans, hoë-oktaan energie en verrassings! Die gewilde kykNET-sepie *Suidooster* se Stormsterk-konsert keer vir die vyfde keer terug – eksklusief by Suidoosterfees. Sepiespelers verruil drama vir mikrofone en wys hul staal as sangers met 'n keur van bekende trefferliedjies wat die gehoor op hul voete sal hou. En soos dit in sepieland hoort, wag daar natuurlik 'n paar kinkels, intriges en onverwagte oomblikke. Kom beleef inwoners van Ruiterbosch soos Kaashifa, Wade, Juicy Justin, Gary, Angie, Zoë en die uitgeslape Nazeem in 'n heel nuwe lig – lewendig, luid en vol dinge.

2 Mei 17:00 • Afr, Eng • The Capetonian Operahuis • 70 min • R150

Suidoosterfees Boogie

MET **Gary Naidoo, Ree Cornelius, Janine Cornelius, Jon-E, Celest Dreyer & Candice Thornton** ORKES **Jody Petersen, Eddy Strings, Roché Europa, J.P. Crouch & Juandré Jacobs** REGIE **Rafiek Mammon**

Die Boogie-span is terug – groter, vrypostiger en gereed om die dak te lig. Met ses supertalentvolle sangers en 'n ingeoefende vyfstuk-orkes gaan hulle jou in die paadjies laat dans en saam laat sing. Maak reg vir 'n vrolike, nostalgiese reis van musiek en skaterlag-komedie, treffers uit die 70's en 80's, en 'n goeie skeut moderne gunstelinge. Suiwer genot met voete wat klop, vingers wat klap en energie wat die wêreld laat brand. Advies: Trek gemaklike skoene aan.

2 Mei 13:30 & 20:30 • Afr, Eng • The Capetonian Operahuis • 90 min • R150

The Echoes of the Cape Doctor: Remembering Robbie Jansen

MET **Duncan Johnson** (sang, saxofoon), **Ramon Alexander** (klavier), **Nazeem Brown** (kitaar), **Muneeb Hermans** (trompet) **Carlo Fabe** (tromme) **& Chadleigh Gouwer** (baskitaar) VERVAARDIGER & MUSIEKREGISSEUR **Duncan Johnson**

Hierdie aangrypende huldeblykkonsert vier die lewe en nalatenskap van die ikoniese Kaapse jazzmusikant Robbie Jansen. Met 'n indrukwekkende ensemble van vooraanstaande Suid-Afrikaanse musikante herbesoek die kunstenaars Jansen se tydlose komposisies en sy onmiskenbare klank, diep gewortel in die siel van Kaapstad. Deur 'n ryk vermenging van stories, warmte, humor en sielvolle uitvoerings, word daar besin oor sy kunstenaarskap, menslikheid en blywende invloed op Suid-Afrikaanse musiek en kultuur.

3 Mei 20:30 • Eng, Afr • Kaapstad-Burgersentrum • 60 min • R150

The Incredible Journey of Tinkerbell van Tonder

MET **Amanda Strydom & Coenraad Rall**

Die kind se naam was Isabella Dolorosa van Tonder, maar haar Granny het haar Tinkerbell genoem. Amanda Strydom as Nella Petersen vertel 'n storie van hoop, wonderlike avonture, selfontdekking en oplaas tuiskoms na jou komvandaan, verweef met musiek wat verwerk is en begelei word deur haar vaste pianis, Coenraad Rall. 'Life is a journey, wie is djy nou om die transport te question?' Bekroon met 'n Aardklop-prys en Woordtrofee in 2025.

3 Mei 16:30 • Afr, Eng, Khoi, Frans, Nederlands • Kaapstad-Burgersentrum • Geen o. 10 • 70 min • R150

Universiteit Stellenbosch Koor 90

MET die **US Koor** gedirigeer deur **André van der Merwe**

Die legendariese US Koor word vanjaar 90 jaar oud. Dié glorieryke mylpaal word oral in die wêreld, en ook by Suidoosterfees gevier met 'n galakonsert. Die ikoniese studentekoor, onder leiding van André van der Merwe, is stewig gevestig as een van die wêreld se top drie amateurkore op die Interkultur-ranglys, en ryg steeds internasionale toekennings in. Met hul kenmerkende energie, ryk klank en 'n splinternuwe repertorium, is 'n fees van vreugde, uitnemendheid en musikale glans gewaarborg. Kom laat jou hart saamsing!

3 Mei 15:30 & 19:00 • Eng, Afr • The Capetonian Operahuis • 80 min • R180, R160, R140

Vivaldi en die vondeling

Die uitsonderlike lewe van Anna Maria della Pietà

'n Ko-produksie van **Suidoosterfees, Hessequa Harmonie, Toyota Stellenbosch Woordfees & Vrystaat Kunstefees,** moontlik gemaak deur **Het Jan Marais Nationale Fonds** & **NATi**

MET **Lynelle Kenned, Mario Nell & Johanna Roos** TEKS **Riana Scheepers** REGIE **Niël Rademan** ONTWERP **Lindi Heila Smit**

Anna Maria della Pietà was Venisië se wonderkind. Reeds op agt was sy violis, komponis, en op twaalf die jongste eerste violis van die Ospedale della Pietà se beroemde orkes. As vondeling was sy, kind van 'n prostituut, klein genoeg om deur die kinderpoort van die klooster gedruk te word – en dit te oorleef. Haar musiekmeester was die briljante, eksentrieke maestro Antonio Vivaldi. Hy het 28 van sy vioolkonserte aan haar opgedra. Moontlik omdat sy dele daarvan self gekomponeer het? In hierdie klein meesterwerk van musiek en verhaal word die lewe van Antonio Vivaldi se mees suksesvolle leerling uitgebeeld, Anna Maria se fenomenale ontwikkeling van weerlose vondeling tot gesogte *maestra di violino* én *maestra di coro*.

2 Mei 14:30 • Afr • Kaapstad-Burgersentrum • 60 min • R150

Wat om te doen as die wêreld brand

MET **Elzabé Zietsman & Jody Jason Petersen** TEKS & REGIE **Bibi Slippers** MUSIEKREGIE **Jody Jason Petersen** VERVAARDIGER **Drama Drama**

Die wêreld is aan die brand, maar die engel/orakel/demi-godin wat die kliëntedienssentrum van die kosmos eiehandig beman, is afgeboek weens uitbranding. Die groot oor van die heelal is geheel en al oor dit. Wie gaan nou na die mensdom se gesanik luister, raad gee oor verhoudings en vure doodslaan waar hulle dreig om verwoesting te saai? In hierdie kabaret vertolk Zietsman die rol van 'n 'Vra dr. Adri'-agony aunt vir alles en almal in die universum, met vurige vertolkings van bekende treffers en 'n pragmatiese benadering tot oorlewing in tye wat voel soos die einde van dae.

1 Mei 15:00 • Afr • Kaapstad-Burgersentrum • Geen o.13 T • 70 min • R160


The
CAPETONIAN
EXPERIENCE THE ULTIMATE
IN COMFORT AND CONVENIENCE
Set in the heart of Cape Town. Experience the perfect blend of sophistication & comfort,
whilst enjoying our breathtaking city views. Our 4-star property promises an unforgettable stay.
+27 21 405 5670 | enquiries@capetonian.co.za | www.capetonian.co.za
@TheCapetonianHotel

NATi Teaterfees

Moontlik gemaak deur

nati NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

sba

FEC FESTIVAL ENTERPRISE CATALYST

THE JOBS FUND

Tuiste

LW Hiemstra Trust

JAN MARAIS NASIONALE FONDS

A Woman Alone

MET **Kim Engelbrecht** TEKS **Franca Rame & Dario Fo** REGIE **Quanita Adams** ASSISTENT-REGISSEUR **Charlton George**

'n Ko-produksie van **Suidoosterfees** & **Toyota Stellenbosch Woordfees**, moontlik gemaak deur die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** & die **Jobs Fund**

Dié eenvroustuk wat die eerste keer in 1977 opgevoer is, is 'n kragtige en diepsinnige monoloog wat die lewe van 'n huisvrou ondersoek en temas van onderdrukking, bevryding en sosiale kommentaar aanraak. Deur elemente van satire, klug en drama te kombineer, en met die gebruik van humor, ironie en emosionele intensiteit, vertel die huisvrou – wat deurgaans naamloos bly – van haar daaglikse bestaan, haar stryd en frustrasies. Sy beskryf haar verhouding met haar man, gesin en die samelewing, en belig die beperkende rolle en verwagtinge wat op moderne vroue geplaas word.

30 April 09:00, 1 Mei 15:30, 2 Mei 19:00 • Eng • ATKV Arena Teater • 65 min • Geen o. 16 T • R150

CRYBABY

MET **Frank Opperman, Nicole Holm, Wian Taljaard, Gantane Kusch & René Cloete** TEKS & REGIE **Carla Smith** VERHOOGBESTUURDER **Jean du Plessis**

'n **Feesteforum**-produksie, moontlik gemaak deur **NATi** en ondersteun deur **Suidoosterfees**, **KKNK**, **Toyota Innibos**, **Vrystaat Kunstefees**, **Momentum Aardklop**, **Toyota Stellenbosch Woordfees**, die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** & die **Jobs Fund**

Op 'n doodgewone oggend, by 'n doodgewone dagsorgsentrum, beleef die driejarige Samuel die onkeerbare verwoester van onskuld – die nuus.

Hy verander in 'n oogwink: Van 'n doodgelukkige kind na 'n moeë volwassene, dekades verouder deur haglike hoofopskrifte, tragiese gebeure en die lot van die mensdom wat hopeloos te swaar is vir sy jong skouers om te dra. Hierdie absurde tragikomedie handel oor die tol wat dit eis om te lewe in 'n geldgierige wêreld waar alles in duie stort. Dit is terselfdertyd 'n liefdesbrief aan 'n mens se kinderjare en 'n herinnering aan die een waarheid wat elke volwassene weet: Grootword is nie kinderspeletjies nie.

30 April 10:00, 1 Mei 13:30 • Afr • kykNET Teater • 70 min • Geen o. 13 T • R180, R160, R140

Die ander dogter

MET **Sandra Prinsloo** TEKS **Annie Ernaux** VERTALING **Naòmi Morgan** OORSPRONKLIKE TITEL **L'autre fille** VERWERKING **Saartjie Botha** REGIE **Lara Foot** ONTWERP EN BELIGTING **Wolf Britz**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-produksie

'n Tienjarige dogter vind toevallig uit van 'n suster wat twee jaar

voor haar geboorte oorlede is. Dié dogter was die Franse skrywer Annie Ernaux, wat in 2022 die Nobelprys vir letterkunde ontvang het. Skielik was Annie nie meer 'n enigste kind nie, maar die plaasvervanger vir 'n groot afwesigheid wat voortleef in haar ouers se woordelose verdrietigheid. Haar suster moes sterf sodat sy as die 'vervanging' kon leef. 'n Ragfyn stuk oor skuld, familie en verlies.

30 April 17:00, 2 Mei 10:00 • Afr • kykNET Teater • 70 min • Geen o. 13 • R200, R180, R150

Die olifant

MET **Petrus du Preez, André Gerber, Antoni Schonken, Jeanne-Marié Koekemoer, Kelly April, Lisa Kukard, Mila Sobolewski & Signe Pietersen** SKRYWERS **André Gerber & Elana-Marié Snyman** NA **Sławomir Mrożek** REGISSEUR, ONTWERP & POPPE **Elana-Marié Snyman** OORSPRONKLIKE MUSIEK & MUSIEKREGISSEUR **Antoni Schonken** BELIGTINGSONTWERP **Rudolph van Jaarsveld** VERHOOGBESTUUR **Enrique de Villiers** CHOREOGRAFIE **Mila Sobolewski** VERVAARDIGER **Skepkamer**

In samewerking met die **Universiteit Stellenbosch Dramadepartement**

'n Direkteur van 'n dieretuin plaas sy eie ambisies bo die welsyn van sy diere wanneer hy 'n vals olifant van rubber skep om geld te spaar. 'n Swaan word weens openbare dronkenskap afgedank uit sy pos by die munisipale park. 'n Leeu weier om die Christene in die arena te eet – nie omdat hy vir hulle omgee nie, maar omdat hy vermoed hulle gaan binnekort aan bewind wees. 'n Wêreld van absurde burokrasie, arrogansie en die komiese nagevolge van misplaaste besluite.

2 Mei 17:30 & 20:30, 3 Mei 10:30 • Afr • P4, Hiddingh-kampus • 65 min • OB • R150

Eerste vir alles

MET **Frank Opperman & Margit Meyer-Rödenbeck** TEKS & REGIE **Wessel Pretorius** VERHOOGBESTUUR **Wicus Louw**

'n Ko-produksie van **Suidoosterfees** & **Vrystaat Kunstefees**, moontlik gemaak deur **Het Jan Marais Nationale Fonds**

Eeue nadat hulle uit die paradys gesmyt is, besin Adam en Eva oor die huwelik. Kyk hier, dit was nie maklik om die proto-paartjie te wees nie,

hoor? Alles moes vir die eerste keer uitgepluis word: liefde, kinders en huishou. Nou dat die laatlammetjie die huis gaan verlaat, het Adam en Eva binnekort weer net mekaar vir geselskap. Sien hulle kans vir nog 'n honderd jaar saam en sal hulle sondes hulle ontsien? Na baie goed en kwaad het hulle vir oulaas 'n appeltjie met mekaar te skil. 'n Komedie oor saam ou bene maak, veral as een die ander 'n ribbebeen skuld.

1 Mei 20:00, 2 Mei 12:30, 3 Mei 12:30 • Afr • Little Theatre, Hiddingh-kampus • 70 min • R180

Ek en jy, tot laat toe

MET **Anzio September & Abdullatief Davids** TEKS **Zubayr Charles** REGIE **Carlo Daniels**

Na sy oorlede vrou se veertig-aande-herdenking kry Luqmaan onverwags besoek van 'n voormalige vriend, Junaid. Die twee het mekaar meer as 15 jaar laas gesien. Soos hulle terugdink aan hul skooldae, kom lang verborge waarhede na vore. Dit dwing hulle om die verlede, wat hulle so hard probeer vermy het, in die oë te kyk.

1 Mei 14:00, 2 Mei 11:30, 3 Mei 20:30 • Kaaps • P4, Hiddingh-kampus • 55 min • Geen o. 13 T • R150

Ek is nie Danie

MET **Albert Pretorius & Schalk Joubert** TEKS **Danie Marais** REGIE **Nico Scheepers** MUSIEK **Schalk Joubert** KONSEP **Niel van Deventer** VERVAARDIGER **Toyota Stellenbosch Woordfees**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-produksie

Albert Pretorius trek onder die opruiende begeleiding van Schalk Joubert die skrapnel van 'n vreesaanjaende gewone lewe, skerf vir skerf, uit 'n mislukte huwelik in die buitenste ruimte van Duitsland en die bevoorregte, prekêre gemors van middelklas-Suid-Afrika. Dis 'n storie oor ouerskap en die soeke na behoort en sin maak, gewikkel in die vlamjas van verse en verbysterende musiek, geweef rondom 'n keur uit Danie Marais se vier digbundels. Dis rock-teater oor 'n verlede wat die hede wurg en 'n wit ou wat saam met sy dogter en 'n progressiewe wêreld net een ding vir Kersfees wil hê: 'Om nie meer altyd te moet weet hoe 'n middeljarige wit man voel oor alles nie.'

30 April 13:30, 3 Mei 20:30 • Afr • kykNET Teater • 75 min • Geen o. 10 T • R200, R180, R150

Eugene

MET **Carlo Daniels, Lynette du Plessis & Kirby van der Merwe** TEKS **Saartjie Botha** NA DIE ROMAN VAN **Kirby van der Merwe** REGIE **Nico Scheepers**

'n Ko-produksie van **Suidoosterfees**, **Vrystaat Kunstefees** & **Toyota Stellenbosch Woordfees**, ondersteun deur **NATi**, die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)**, die **Jobs Fund** & **Het Jan Marais Nationale Fonds**

Eugene, gebaseer op Kirby van der Merwe se veelbekroonde roman, is 'n rou en poëtiese portret van 'n man wat tussen wêrelde leef. Streetwise maar skynbaar upper middle class, is Eugene 'n flaneur, soeker, minnaar en verlore seun – 'n hardegat randfiguur wat die kuns bemeester het om werklik te sien. Die produksie ondersoek gemarginaliseerde manlikheid, geestesgesondheid en trauma, en belig temas soos liefde, haat, vertroue, verraad en vergifnis. Met Brechtiaanse vervreemding as ondertoon word sy reis 'n soektog na integriteit en menslikheid te midde van onreg en wanhoop. *Eugene* is aangrypend, stylvol en onvergeetlik.

29 April 13:30, 1 Mei 12:00, 3 Mei 15:30 • Afr • ATKV Arena Teater • 75 min • R150

Evita @ 90

MET **Pieter-Dirk Uys**

Evita Bezuidenhout is 90 jaar oud en word steeds gevier as die bekendste wit vrou in Suid-Afrika. Evita glo ons moet die verlede onthou sodat ons die toekoms kan waardeer. As lid van die ANC wat vir versoening kook, moet Gogo Evita ook die TikTok-vrae van haar drie kleinkinders versigtig beantwoord. Sy glo ons het nie 'n kristalbol nodig om uit te vind wat vir ons voorlê nie. Die toekoms van ons demokrasie is seker – dis net die verlede wat onvoorspelbaar bly!

29 April 16:00 • Afr • kykNET Teater • 70 min • R180, R160, R140

Huis van sand

MET **Tinarie van Wyk Loots, René Cloete, Kristen Raath & Jefferson J. Dirks-Korkee** SKRYWER **Dianne du Toit Albertze** REGIE & BELIGTING **Wolf Britz** STEL- & REKWISIETE-ONTWERP **Stefan Benade** KLANKONTWERP **Charl-Johan Lingenfelder** KOSTUUMONTWERP **Birrie le Roux** VERHOOGBESTUUR **Morag Tison** ASSISTENT-VERHOOGBESTUURDER **Eddie Newman** PRODUKSIEBESTUUR **Brechmari van Wyk**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-produksie, ondersteun deur **NATi**

Babs en Sandy leef op die leftovers van hul verlede. Die vier mure van hul caravan ken 'n klomp geheime, en al is dit 'n humble huisie, is dit hul pondokpaleis. Sandy het haar swerwersbestaan langs die N7 koebaai gegroet om 'n lewe te begin in Rodney se karavaan net buite Springbok, die bottel eers gebêre om Babs groot te maak. En saam met dit kom groeipyne en erfsondes. As volwasse vrou probeer Babs haar bes om die bloed van haar herinneringe skoon te was en aan te beweeg as onderwyseres by die plaaslike laerskool. Tog haal die stofstorms haar keer op keer in. Die koue vuur van Sandy en Babs se onthou neem die gehoor op 'n verbeeldingsvlug, 'n treinrit tot diep binne waar die grense begin grys word.

30 April 20:30, 1 Mei 09:30 • Afr • kykNET Teater • 90 min • Geen o. 16 • R180, R160, R140

Improv: Skaamfamilie

MET **Albert Pretorius, Albert Maritz, Bianca Flanders, Carel Nel, Cindy Swanepoel, Cintaine Schutte, Gershwin Mias & Melt Sieberhagen**

'n Skreeusnaakse improvisasie-teaterervaring waar jý as gehoorlid familiesituasies en karakters aan die akteurs voorstel. Jy weet mos, daai familielede oor wie jy maak of jy hulle nie ken nie! Met *Skaamfamilie* kan jy hulle in situasies plaas waar alles binne oomblikke in chaos ontaard. Die beste akteurs in die bedryf volg jóú leiding terwyl hulle blitsvinnig in karakters klim wat hulleself in histeriese situasies bevind. Sonder enige teks. Geen repetisies vooraf nie. Geen mak onderwerpe uit die gehoor nie. Watter akteurs in elk van die vertonings gaan verskyn, is ook 'n groot verrassing! 'n Glas wyn wag vir jou op die Nasdak-huis by die ingang na dié asemrowende venue.

2 Mei 16:00 & 19:00 • Afr • Nasdak, Media24-gebou • 75 min • R150

Joshlin: Meer as 'n naam

MET **Bronwyn Damon, Chriswill Kotze, Janru Steenkamp, Mahlatse Molubi, Maundrey Jantjies, Michael Ruzvidzo, Ronald Theron, Rehane Abrahams & Adri-Jo Waterboer** SKRYWER **Herschelle Benjamin** REGIE **Kanya Viljoen & Byron Klassen** ONTWIKKELING **Byron Klassen, Jason Jacobs & geselskap**

Moontlik gemaak deur die **Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans (SBA)**, vervaardig met die ondersteuning van die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)**, die **Jobs Fund**, **Tribuo** & die **Proscenium Dramakompetisie**

Die blougroenoog kind is weg. Die kind verdwyn in die donker van 'n land wat haar versaak het, in die skaamte van gemeenskappe wat wegkyk. Die kind wat huil onder geweld, wat skuil

in die skadu van onreg, wat leef in die gewete van 'n samelewing … Die kind is nie dood nie. Die kind is weg. Staan op in ons gemeenskappe, roep op selfone uit en spook in die gange van ons parlement: Waar is ons geregtigheid?

29 April 10:00, 30 April 12:00, 1 Mei 09:00 • Afr • ATKV Arena Teater • 60 min • Geen o. 16 • R150

Kinderlê

MET **Miché van Wyk, Theodore Jantjies, Lynette du Plessis & Damian Jacobs** SKRYWER **Lynthia Julius** REGIE & ONTWERP **Lee-Ann van Rooi** BELIGTINGSONTWERP **Alfred Rietmann** KLANKBAAN **Carl Julius** CHOREOGRAAF **Grant van Ster** VERHOOGBESTUUR **Charlene Colling** PRODUKSIEHUIS **BOSSIKOP**

'n Ko-produksie van die **Toyota Stellenbosch Woordfees** & **Suidoosterfees**, ondersteun deur **NATi**, **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** & die **Jobs Fund**

'n Wrok, sê hulle, is 'n seer ding om te koester. Namas en Boesmans is mos vreedsame mense. Só teken die wit mense hulle op. Hulle baklei nie. Hulle gee af as daar moet afgegee word en hulle vat nie. Soos Hanna het Maria 'n kjeent by God gesmeek en God het gegee. Dawid en Maria is vir Dammas gegee. Op 'n Sondag in 1867 word hulle kamp, Nona-Ams, deur Boesmans oorval terwyl die grootmense 'n kerkdiens op Besondermeid bywoon. Twee-en-dertig Nama-kjeeners, hulle oppassers en honde word doodgemaak. Dieselfde God wat vir Dawid en Maria gegee het, vat vir Dammas en 31 anner Nama-kjeeners terug. En gee en terugvat is erger as steel.

1 Mei 16:00, 2 Mei 09:00 • Afr • Little Theatre, Hiddingh-kampus • 70 min • Geen o. 13 • R160, R140

Kom fietna saam Mareldia

MET **Gaireyah Fredericks & Celeste Matthews Wannenburgh** REGIE **Lee-Ann van Rooi** MUSIEKREGISSEUR **Adil Dante**

Vandag skarrel Antie Mareldia (Ummi) om alles netjies te kry, want haar vervreemde kleindogter, Fahima, kom kuier. Dié is kamma daar om Ummi se stories op te teken vir navorsing, maar eintlik wil sy hê dat Ummi net vir 'n slag honest moet wees oor alles wat sy so

maklik onder die tapyt vee. Gebaseer op vier aangrypende stories uit die bekroonde *Een voet innie kabr* deur Gaireyah Fredericks.

1 Mei 20:30, 2 Mei 09:00, 3 Mei 14:00 • Afr • P4, Hiddingh-kampus • 60 min • Geen o. 13 D • R150

Kry vir jou 'n tux, Thomas

MET **Marion Holm & Dean John Smith** TEKS & REGIE **Retief Scholtz** VERVAARDIGER **Artist Warehouse** 'n Ko-produksie van **Toyota Innibos** en die **Vrystaat Kunstefees**

Tessa is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie. Sy wéét vanaand se funksie en die belaglike 'toekenning vir lewenslange bydrae' wat sy ontvang, is om subtiel te sê haar tyd is verby. Tessa gaan nie opdaag nie en die stotterende Thomas het sy hande vol om haar te oortuig om tog te gaan. Holm en Smith speel die verhoog vuurwarm in hierdie stuk oor seekatte en wat ons doen om oukei te wees. Daar is baie om oor te lag, maar vir balans, ook heelwat om oor te huil.

30 April 20:00, 1 Mei 09:00 • Afr • Little Theatre, Hiddingh-kampus • 75 min • Geen o. 13 T • R160, R140

Lemoene, lemoene, lemoene, lemoene, lemoene

MET **Mienke Ehlers & Dean John Smith** SKRYWER **Sam Steiner** VERTALING, VERWERKING & REGIE **Kanya Viljoen** OORSPRONKLIKE TITEL **Lemons, Lemons, Lemons, Lemons, Lemons** KLANKONTWERP **Rynhardt van Blerk** VERVAARDIGER **Unusual Bones** IN SAMEWERKING MET **KKNK**

'n Ko-produksie van **Suidoosterfees** & **KKNK**, moontlik gemaak deur **NATi**, die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** & die **Jobs Fund**

In 'n Suid-Afrika waar mense net 140 woorde per dag mag gebruik, moet twee jong geliefdes leer om met stilte te leef, en om met woorde te baklei. Hoe sê jy 'ek's lief vir jou' as taal self gevaarlik geword het? Hierdie ontroerende stuk ondersoek wat liefde, vryheid en die krag van 'n mens se stem binne beperkinge beteken.

2 Mei 09:00, 3 Mei 12:00 & 19:00 • Afr • ATKV Arena Teater • 80 min • Geen o. 13 T • R180

Ont-

MET **Wian Taljaard** VERVAARDIGER, REGISSEUR & SKRYWER **Wessel Pretorius** VERHOOGBESTUUR & BELIGTING **Wicus Louw**

Ont- is 'n solostuk wat die grootwordproses van 'n jong Afrikaner ontleed. Die verteller staan op die drumpel van selfaanvaarding en bevryding, maar moet eers 'n bestekopname doen van die herinneringe uit sy kinderjare en die spoke van sy ouers. Hy lê verskeie grepe soos familiefoto's voor die gehoor se voete neer en neem hulle op 'n reis van verlies, ontnugtering, identiteit, pyn en vreugde. *Ont-* is die eerste keer in 2011 opgevoer en het vyf jaar lank plaaslik en internasionaal getoer en onder meer vier Fiësta-toekennings, 'n Woordtrofee en 'n goue Standard Bank Ovation-prys gewen. In dié herbesoek word die verhaal, karakter en fiktiewe herinneringe deur 'n meer volwasse lens bekyk.

30 April 20:30, 1 Mei 17:30, 3 Mei 17:30 • Afr • P4, Hiddingh-kampus • 75 min • OB • R150

Out of Bounds

MET **Rajesh Gopie** TEKS **Rajesh Gopie** REGIE **Bertina Johnson**

Out of Bounds is 'n kragtige, hartroerende eenmanstuk deur die bekroonde akteur Rajesh Gopie. Dit speel af in Durban tydens die tagtigerjare en vertel die verhaal van Lal, 'n jong Suid-Afrikaanse Indiër-seun wat grootword in 'n hegte werkersklasgesin. Gopie beeld met humor en teerheid 'n reeks dinamiese karakters uit en verken temas soos identiteit, kultuurtrots en die gevoel van behoort. 'n Aangrypende, veelbekroonde produksie wat deur *Time Out London* as 'onmisbaar' beskryf is.

3 Mei 20:00 • Eng • Little Theatre, Hiddingh-kampus • Geen o. 13 T • 85 min • R160, R140

Seun

MET **Wilhelm van der Walt** GEBASEER OP DIE BOEK VAN **Dana Snyman** VERWERKING **Johann Smith** REGIE, STEL- & BELIGTINGSONTWERP **Nico Scheepers** OORSPRONKLIKE MUSIEK **Kate Borthwick** VERVAARDIGER **Leftfoot Theatre Productions**

Moontlik gemaak deur **NATi** & **Toyota Innibos**

In *Seun* vertel Dana Snyman die deel van sy storie waaroor hy nog nooit gepraat het nie: sy ervarings in die

1980's. Dit is die tyd van PW Botha se vinger, die Voëlvry-toer, AWB-saamtrekke, onderhandelings en die laaste dae van diensplig. Dana word oneervol ontslaan uit die weermag, maar eers maak hy 'n draai in Saal 24. Dié rou, onthullende memoires vra: Hoe word 'n seun 'n man? 'n Seun wat nie 'n meisie se aandag kan trek nie? 'n Seun wat nie goed genoeg is vir die weermag nie? *Seun* is 'n aangrypende relaas oor grootword tydens die doodsnikke van 'n politieke bestel, oor manlikheid en oor eer, en oor die liefde wat uiteindelik alles oorkom.

2 Mei 20:00, 3 Mei 09:00 • Afr • Little Theatre, Hiddingh-kampus • 75 min • Geen o. 13 S • R160, R140

The Echo of a Noise

MET **Pieter-Dirk Uys**

Pieter-Dirk Uys deel oomblikke uit sy lewe tot in die fynste besonderhede met sy kenmerkende humor en wyshede wat uit ondervinding opgedoen is. Die verhaal wat hy verweef is snaaks, hartseer, aangrypend en uiters boeiend. Dit is Uys se beste werk tot dusver. 'n Móét-sien.

30 April 15:00 • Afr, Eng • ATKV Arena Teater • 90 min • Geen o. 10 T • R150

The Fool's Guide

MET **Andrew Buckland** TEKS **Andrew Buckland** REGIE **Janet Buckland** VERVAARDIGER **Mouthpeace**

Hierdie stuk is geskep as 'n fisieke en performatiewe komiese besinning oor die raakpunte tussen kontemporêre tegnologie en Die Nar, Jan Alleman en Die Onskuldige. Met die noukeurige gebruik van fisieke spel en Buckland se aanleg vir satiriese verbale tekste en vokale spel, verken die produksie hoe sosiale media (soos ervaar deur die selfoon en, meer onlangs, vroeë weergawes van KI) die lewens van moderne mense beïnvloed.

1 Mei 12:30, 2 Mei 16:00 • Eng • Little Theatre, Hiddingh-kampus • 60 min • OB • R160, R140

Verwelkingslied

MET **Antoinette Kellermann & Dawid Minnaar** TEKS **Breyten Breytenbach** VERWERKING **Tessa Louw & Marí Borstlap** REGIE & ONTWERP **Marí Borstlap** BELIGTINGSONTWERP **Faheem Bardien** KLANKBAAN **Wilken Calitz** VIDEO-ONTWERP **Richard Thomson** VERHOOGBESTUUR **Anina van de Wall** ASSISTENT-VERHOOGBESTUURDER **Katy Jones** VERVAARDIGER **Suidoosterfees**

'n Ko-produksie van die **Suidoosterfees** & **Momentum Aardklop**, moontlik gemaak deur **Spier Arts Trust**, **NATi**, **Het Jan Marais Nationale Fonds**, die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)**, die **Jobs Fund** & **Audi Centre Claremont**

In Breyten Breytenbach se laaste toneelstuk word ons op reis geneem deur die meester wat homself by sy eie begrafnis voorstel. Breyten tree hier in 'n bewussyn-verruimende asook intieme gesprek met 'n ou verhoogaktrise. Vir oulaas wil hy álles opweeg – maar kan die ou aktrise sy laaste woorde na waarde vertolk? *Verwelkingslied* is Breyten Breytenbach se ontroerende swanesang, kort voor sy dood in 2024 vir die Suidoosterfees geskryf en opgedra aan Antoinette Kellermann en Marthinus Basson.

29 April 17:30, 1 Mei 19:00, 2 Mei 12:00 • Afr • ATKV Arena Teater • 70 min • Geen o. 13 OB • R150



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

‘N RYKDOM VAN KUNS & KULTUUR

Ontdek eventsincapetown.com

NATi Jong Sterre

Moontlik gemaak deur

Tuiste

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

JAKES GERWEL
Stigting • Foundation

Western Cape Government
FOR YOU

Die poskantoor

TEKS **Kim Blanché Adonis** MET **Mikayla-Joy Brown, Sonja Louw & Julia Marone** REGISSEUR **Jeanne-Marié Koekemoer**

Wanneer 'n student by 'n poskantoor in Kaapstad verkrag en vermoor word, weier drie studentevriende om stil te bly. Ryan, Andrea en Naeema besluit om ander vroue te beskerm, selfs al beteken dit hulle moet hul eie grense oorsteek. Soos geheime uitkom en lojaliteite getoets word, word hulle gekonfronteer met ongemaklike waarhede oor liefde, geregtigheid en wraak. *Die poskantoor* is 'n aangrypende stuk oor verset, vrouwees en die stryd om oorlewing in Suid-Afrika.

1 Mei 20:00, 2 Mei 11:00 • Afr • Galloway-teater, Waterfront Teaterskool • 55 min • Geen o. 16 T • R100

Lizzie en Franna

TEKS **Kyle Matthew Truter** MET **Nathaly Lottering & Eldon van der Merwe** REGISSEUR **Mikyall Harris**

Ná die dood van hul enigste kind sukkel Lizzie en Franna om mekaar weer te vind. In plaas daarvan om te herstel en heel te word, maak hulle net verder kennis met hartseer, verlies en mishandeling. Franna se stryd met alkohol kos hom sy werk, terwyl Lizzie teen wil en dank, en op haar eie, die uitdagings om te kan oorleef moet aanpak. Konflik word die vonk wat ou wonde oopkrap en 'n skreiende vraag stel: Wie is ek sonder my kind en sonder my geliefde?

2 Mei 20:00, 3 Mei 11:00 • Afr • Galloway-teater, Waterfront Teaterskool • 55 min • Geen o. 16 T • R100

Ons is nog hier

TEKS **Matthew Smith** MET **Franka Kirby, Adri-Jo Waterboer & Cara Rossouw** REGISSEUR **Tamia Thompson**

Shanice, Simone en Layla beland in 'n geheimsinnige vertrek waar speletjies vinnig 'n onheilspellende toon aanneem. 'n Skokkende onthulling bring skuld, wantroue en woede na die oppervlak, terwyl simbole en geheime die werklikheid al hoe donkerder maak. Vasgevang tussen hoop en wanhoop word hul soeke na uitkoms 'n reis van herinnering en oorlewing. Wie ontsnap en wie bly agter?

1 Mei 11:00, 3 Mei 17:00 • Afr • Galloway-teater, Waterfront Teaterskool • 55 min • Geen o. 13 T • R100

The Cracked House

TEKS **Ntsikayomzi Benya** MET **Mbulelo Grootboom, Thando Jikwa & Nicholate Mangqoza** REGISSEUR **Sibuyiselo Dywili**

Langa, Xola en Andiswa kom ná 31 jaar byeen vir hul ma se begrafnis, wie se dood meer as hartseer bring. Haar lewe was gekenmerk deur siekte en stilte nadat sy aan haar eie lot oorgelaat is. Die dag van die begrafnis word 'n dag van rekenskap wanneer die sibbe traumas en gebroke beloftes uit hul verlede trotseer, en probeer klou aan die brose hoop op heling. *The Cracked House* is 'n skerp besinning oor Suid-Afrika se onstabiele politieke landskap en die prys wat mens moet betaal vir skeiding, verlies en oorlewing.

1 Mei 14:00, 2 Mei 17:00 • Eng • Galloway-teater, Waterfront Teaterskool • 55 min • Geen o. 16 T • R100

Uitgedraai

TEKS **Chloè van Rooyen** MET **Chloè van Rooyen, Kerscha Titus, Curtley Pitt & Ivan Abrahams** REGISSEUR **Tiffani Dlamini**

Twee desperate susters; een waaghalsige plan. Jesse en May het net vir mekaar – en 'n half-betaalde huis wat hulle kan verloor. Met die bank op hul hakke, besluit hulle om 'n rooftog uit te voer. Wat begin as plan B, eindig in 'n ontvoering waar die ontvoerders self gyselaars word. Kan hulle hul huis én hul verhouding red, of stort alles deur die chaos, lag en trane ineen?

1 Mei 17:00, 3 Mei 14:00 • Afr • Galloway-teater, Waterfront Teaterskool • 55 min • OB 13 • R100

Vark in die verhaal

TEKS **Willem Esterhuyse** MET **Willem Esterhuyse** REGISSEUR **Ntombi Makhutshi**

'n Persoon wat groter van lyf is, vertel die verhaal van hul jare as kind, tiener en jong volwassene. Dié herinneringe word gekenmerk deur humor en pyn. Tussen familie wat mal is oor braai, skoolvriende en 'n aanlyn liefde, spook daar ook die seer oomblikke wanneer iemand hulle 'n 'vark' noem. Die spieël in die badkamer word 'n vyand, en die reis van ongemak groei tot angs en uiteindelik die donker drang om hulself skade aan te doen.

2 Mei 14:00, 3 Mei 20:00 • Afr • Galloway-teater, Waterfront Teaterskool • 50 min • Geen o. 16 T • R100

lift
Catch a LIFT!
DAILY FLIGHTS BETWEEN
JNB - CPT - DUR
www.lift.co.za
lift

ATKV Kinder- en jeugteater

Tuiste

ATKV

Western Cape Government FOR YOU

Cape Peninsula University of Technology creating futures

Slapende skoonheid en die bose fee

Ideaal vir jong feesgangers van 4 tot 12 jaar

MET **Chanté Schagen, Marlon Britz, Ankia Erasmus, Marli Smit, Cassidy Johnson, Adré Kleyn, Stavros Moshonas, Branwin Assegaai, Lesley-Anne Hanslo, Ava Kruger & Je-Ce Davids** TEKS **Siobhan Taljaard** CHOREOGRAFIE **Braeden Buys** REGIE **Yolandè Rabè** VERVAARDIGER **The Stage Performing Arts Studio**

In die verre Noorde, in 'n koninkryk so mooi, waar die wolke aan die hemel hang en die son sak in goud en rooi, begin 'n storie vir alle eeue, vir almal om te hoor. 'n Storie van 'n baba, 'n boosaard en woorde wat kan toor. Hierdie unieke hervertelling van die klassieke sprokie sal gehore laat skaterlag, sing en saam droom. 'n Sprokie vir die hele gesin, met moderne kinkels, kleurryke kostuums, vrolike liedjies en tonele wat jou laat terugverlang na jou kinderdae.

1 Mei 09:00, 2 Mei 09:00 • Afr • ATKV Repteater • 75 min • R120

Storie-speel | Story Play

Ideaal vir jong feesgangers van 3 tot 12 jaar

MET **Shayne Joseph, Abusiswe Mcoyana & Mila Sobolewski** KOÖRDINERING & FASILITERING **Amelda Brand & Estelle Olivier** 'n **Universiteit Stellenbosch Dramadepartement**-produksie, in samewerking met **Lapa Uitgewers** & **Suidoosterfees**

Storie-speel is 'n vrolike, verbeeldingryke teaterervaring waar stories nie net gehoor word nie, maar lééf. Jong teatergangers word genooi om saam te speel, karakters lewe te gee en te help dink aan oplossings vir kinkels in die verhale. Met lag, verbeelding en interaksie sorg ons saam dat die son in die lug bly en die diere se sterte reg uitgedeel word! Perfek vir jong feesgangers en almal wat daarvan hou om na stories te luister – en soms self deel daarvan te word.

1 Mei 12:00 & 14:00, 2 Mei 12:00 & 14:00 • Afr • Isibaya • 30 min • R60

Beste van die DKES

Aangebied deur die Departement van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap

Die wenner en naaswenner van die 15de dramakompetisie wat deur die Departement van Kultuursake en Sport aangebied word, kry elke jaar 'n ereplek op die Suidoosterfees-verhoog. Kom geniet die jong presteerders se werke saam met ons.

The Voice Note

MET **Giyose Khanya & Mbebe Esakhe** TEKS **Siyabonga Mtshiselwa** REGIE & TEGNIES **Xolisa Mtshiselwa** VERVAARDIGER **Siyakhona Youth Development**

'n Dramatiese situasie ontstaan wanneer Khanya, 'n hartseer en gebroke man, sy meisie Esakhe konfronteer oor 'n geheimsinnige WhatsApp-stemnota van 'n ander man. Wat volg is 'n poëtiese en verpletterende verkenning van liefde, eensaamheid en die sielkundige marteling van emosionele verwaarlosing. Hulle word gedwing om skuld, verwyt en die diepe verlies van hul eens pragtige verhouding onder oë te sien.

Miena

MET **Kaylee Augustus, Aidon Boli, Godwyn le Fleur & Shamelle Terblanche** TEKS **Nadeem Jeftha** REGIE **Marveen Charles** TEGNIES **Jason Swartz** VERVAARDIGER **Plettenberg Bay Secondary School**

Miena, die dogter van 'n prominente predikant, herstel nooit van 'n traumatiese aborsie tydens haar tienerjare nie. Later, ná verskeie miskrame, onttrek sy haarself in 'n fantasiewêreld en verplaas haar verlore kinders met poppe. Wanneer haar man Brandon hom tot haar suster wend vir troos, word Miena in 'n inrigting opgeneem. Nadat sy egter ontsnap en haar medikasie los, lei haar poging om haar lewe te herwin tot katastrofiese gevolge.

1 Mei 12:30 • Eng • The Lane, Waterfront Teaterskool • 60 min • R100

Wonder in woorde | Wonder in words

Ideaal vir jong feesgangers in Graad 6 tot 9

MET **Aidan Davies, Matthew Gray, Lihle Ngcawe, Amy Olivier, Lea Steenkamp & Torden van Rensburg** SAMESTELLER **Mareli Hattingh Pretorius** REGIE **Amelda Brand** 'n **Universiteit Stellenbosch Dramadepartement**-produksie, in samewerking met **Lapa Uitgewers** & **Suidoosterfees**

Wonder in woorde is 'n sprankelende woordkunsavontuur waar mites, sprokies, gedigte en stories die verbeelding aangryp. Saamgestel uit Afrikaanse en Engelse kortverhale, poësie en selfs 'n drama of twee, neem hierdie aanbieding leerders op 'n verbeeldingsvlug vol humor en betowering. Gemik op graad 6 tot 9-leerders, nooi *Wonder in woorde* jou om te kom kyk, luister en saam te lag in die magiese wêreld van die geskrewe woord.

29 April 12:00, 30 April 12:00 & 14:00 • Afr, Eng • Johann Brink Teater • 50 min • R80

Ballingskap | Elubhacweni

Aangebied deur **AFDA Kaapstad**

MET **Lerato Sotshinga, Naesha Samuels, Asakhe Zibi, Lusiwe Zungu, Megan Smith, Tumelo Gwanzura-Durand, Sibahle Mhlongo, Tameryn van Wyk, Funeka Zondi, Ngcali Jafta, Thalia Mason, Amahle Mazibuko, Zoë Jeniker & Lea van der Merwe** TEKS **Khanya Ngcuka** CHOREOGRAFIE **Kayla van der Merwe & geselskap** REGIE **Khanya Ngcuka & Kayla van der Merwe**

Ballingskap | Elubhacweni is 'n fisieketeaterproduksie wat ballingskap in vele vorme en fasette verken – van land en taal tot die self. Deur beweging, teks en die elemente van aarde, lug, vuur en water, besin die produksie oor selfopgelegde en gedwonge ballingskap en nooi gehore vir 'n kragtige sintuiglike ervaring van ontworteling en behoort.

30 April 19:00, 1 Mei 19:00, 2 Mei 14:00 & 19:00 • Eng • Theatre Arts, Methodist Church Hall, h/v Miltonweg & Wesleystraat, Observatory, Kaapstad • 60 min • PG14 T • R100, R50 (studente), bespreek by theatrearts.co.za/show/ballingskap

Beyond the Tide

Kaapse Skieleiland Universiteit van Tegnologie

Aangebied deur **CPUT Performing Arts Society** TEKS & REGIE **N.T. Jikwa**

In die kusdorpie Knysna word Athabile se lewe onherroeplik omgekeer wanneer sy geboorte skenk aan haar dogter, Zimingonaphakade. In plaas van vreugde word sy oorweldig deur vrees en 'n gevoel van wraaksug. *Beyond the Tide* is 'n aangrypende

drama wat die onstuimige verbintenis tussen ma en dogter verken terwyl hulle die nuanses van moederskap, trauma en 'n desperate verlange na 'n egte verhouding probeer ervaar. 'n Meesleurende verhaal oor liefde, oorlewing en die hoop op versoening.

3 Mei 15:30 • Eng, Xhosa, Afr • The Lane, Waterfront Teaterskool • 60 min • Geen o. 13 T • R100

Boet + Saartjie

Oorspronklik ontwikkel vir die **ATKV** deur **Hoërskool Parel Vallei**

MET **Roslin Spires, Francois Retief, Carli Eramus, Celeste Grobler, Jacques Joubert, Andus van Rooyen en ander** TEKS & REGIE **Darryl Spijkers** VERHOOGBESTUUR **Jenna de Beer & Emma Beukes**

WENNERS VAN DIE KLEIN LIBERTAS-TEATER TONEELFEES & FRASERBURG LOGAN TONEELFEES IN 2025

'n Aangrypende verhaal oor tieners wat hul identiteit verken in 'n veranderende wêreld. Dit speel af in die Suid-Afrika van 1890, waar grootmense al die kaarte styf teen die bors hou. Aangewese op slegs mekaar vir leiding, kom 'n groep adolessente agter die lewe is nie so maklik soos dit lyk nie. Hier word die klassieke *Boet en Saartjie*-karakters na 'n realistiese wêreld verplaas. 'n Energieke viering van die jeug en die stelsels waaraan hulle uitgelewer is.

2 Mei 15:30 • Afr • ATKV Arena Teater • 55 min • R100

Kenan ennie Klopse

Oorspronklik ontwikkel vir die **Première Teaterfees**

MET **Wyatt Afrika, Jasmine Maduna, Alyssa Jacobs & Mia Groenewald** TEKS, CHOREOGRAFIE & VERVAARDIGER **Alyssa Jacobs** REGIE **Jean-Marié Koekemoer** MUSIEK **Mia Groenewald** VERHOOGBESTUUR **Jairus Fritz**

'n Storie oor belonging. Kenan sit vas tussen wat sy mense sê hy móét wies en wat sy drome vir hom fluister assit stil raak. Gevang tussen sy eie drome ennie shadow van sy oupa se legacy. Hy dra sy mense se stories in sy lyf, hulle pyn lê swaar in sy voete. Deur dans en beweging trek sy journey hom van nou af terug na toe – deur oppression, expression, darkness into light as he learns to move to the beat of his own drum. Hoe gaan hy die ancient call vannie ghoema antwoord?

2 Mei 18:30, 3 Mei 09:30 • Afr • The Lane, Waterfront Teaterskool • 50 min • R100

Pilare van sout

Hoërskool Curro Durbanville

MET **Inge Dippenaar, Nina Dippenaar, Minke Nel, Luca Human, Chené van der Merwe, Grace Lynch, Fabio Goncalves, Matteo Silva & Kayden Wise** VERTALING & VERWERKING **Lize-Meri Amann** OORSPRONKLIKE TEKS ***Girls Like That* – Evan Placey** REGIE

Lize-Meri Amann BELIGTINGSONTWERP **Lize-Meri Amann & William Inggs** STELONTWERP **Lize-Meri Amann** KOSTUUMS **Karon Botes** VERHOOGBESTUUR **Chloe-Lynn Manoek**

Ons staan stil, vasgevang in die skouspel van ander se ondergang. Ons kyk toe, dikwels sonder om in te gryp, en word só medepligtig aan dieselfde stelsels wat pyn en onreg in stand hou. Ons oordeel. Ons deel. Maar ons tree nie op nie. Ons verander nie. Ons bly soutpilare – versteen deur vrees, skaamte en die gemak van konformiteit.

1 Mei 15:30, 2 Mei 15:30 • Afr • The Lane, Waterfront Teaterskool • 45 min • Geen o. 16 T, S • R100

Spoke

Hoërskool Martin Oosthuizen

MET **Conraad Burger, Lize-Marie van Rooyen, Amieke du Preez, A.C. Losper, Pieter-John Stadler, Keila Marais & Ben Ackerman** SKRYWER **C.J. Langenhoven** VERWERKING **Barnie Mans & Francois Toerien** REGIE **Barnie Mans & Alae Hanekom Wenner van Artscape & Suidoosterfees se Hoërskool Dramafees**

Glo jy in spoke? Of moet ons liefs die woord vermy? Is daar heengeganes wat terugkeer na die tonele van hul vorige stoflike lewe? Dis in elk geval nie ons doel om antwoorde op hierdie vrae te kry nie. Ons gaan 'n paar insidente ondersoek, en dan kan jy self besluit.

2 Mei 12:30 • Afr • The Lane, Waterfront Teaterskool • 40 min • R100

The Young Audience Project: Comic Book

Centre for Theatre, Dance & Performance Studies, UK

MET **Vierdejaar-toneelspel-ensemble** TEKS & REGIE **Geselskap**

Kom reis saam na 'n wêreld waar strokiesverhale van die bladsy af spring en op die verhoog lewendig word. Die vierdejaar-toneelstudente van Kaapstad se Centre for Theatre, Dance & Performance Studies nooi jou na die *Young Audience Project*, 'n opwindende dubbelvertoning wat geïnspireer is deur twee geliefde strokiesverhale. Deur verbeeldingryke fisieke teater en visuele storievertelling word hierdie 2D-strokiesboekwêrelde uitgebeeld deur liggame wat voor

jou oë verander in plekke, voorwerpe, karakters en hele landskappe. Spannend, snaaks en propvol energieke beweging – jy het die DC- en Marvel-comics nog nooit só beleef nie!

1 Mei 10:30, 2 Mei 14:30 • Eng • P4 Studio, Hiddingh-kampus • 50 min • R100

Untitled

Northlink Kollege

MET **Charl Bailey, Caroline Africa, Xavier Davids, Roderick Carroll, Roche Draghoender, Diago Andrews & Zoe Oosthuizen** CHOREOGRAFIE **Melville Silwana & Banze Mutonkole**

Untitled is rou jeugteater wat jou persoonlike waarheid deur beweging, stem en stilte verken. 'n Reeks solo- en ensemble-oomblikke onthul fragmente van identiteit en geleefde ervaring, verbind deur 'n stille eerlikheid. Die aanbieding is oop vir interpretasie en nooi gehore om nie te ontleed nie, maar te voel, aan te voel en te herken.

1 Mei 18:30, 2 Mei 09:30 • Meertalig • The Lane, Waterfront Teaterskool • 40 min • R100

Yellowtail

Ook geskik vir jong feesgangers van 7 jaar en ouer

MET **Unam Sota, Mila Sobolewski, Jurie Boshoff, Shannon Hendry, Shayne Justin Joseph & Kalene Botha** (musikant)

TEKS **Mila Sobolewski & Sonja Louw** REGIE **Sonja Louw** MUSIEK **Kalene Botha** VERHOOGBESTUUR **Jurie Boshoff**

Belop, 'n jong visserman wat in 'n wêreld leef waar tradisie die belangrikste ding is, droom daarvan om te vlieg. In 'n dorpie waar die see jou karakter vorm, is daar geen plek vir mense wat anders is nie. Wanneer sy begeerte om te vlieg veroordeel word, veral deur sy pa, loop Belop weg om vry te wees. Hy beland in 'n vreemde wêreld van voëls en moontlikhede, maar daar is ook wedywering en verraad. Hy word gedwing om te kies tussen sy nuwe lewe en sy vlerke.

3 Mei 18:30 • Meertalig • The Lane, Waterfront Teaterskool • 45 min • R100

Zabalaza Showcase

Zabalaza, Baxter-teater IN SAMEWERKING MET DIE **Departement van Kultuursake en Sport (DKES)**

Zabalaza is die Baxter-teatersentrum se dinamiese ontwikkelingsprogram wat fokus op die ontdekking en bekendstelling van sterk nuwe teaterstemme regoor die Wes-Kaap. Dit bemagtig opkomende en gevestigde kunstenaars om vars stories op die verhoog te bring deur minifeeste in gemeenskappe, drama-voorlesings en aanbiedings. Elke jaar in Maart bereik aktiwiteite 'n hoogtepunt met 'n jaarlikse fees. Een uitstaande produksie word gekies om by die Suidoosterfees te speel, wat kunstenaars 'n kragtige platform bied om wyer gehore en die nasionale feestekringloop te bereik.

1 Mei 09:30, 3 Mei 12:30 • Meertalig • The Lane, Waterfront Teaterskool • 50 min • R100



BOU SAAM MET DIE ATKV 'N TOEKOMSBRUG WAAR ELKE HART 'N HUIS VIND EN ELKE DROOM VLERKE KRY.

SUID OOSTER FEES

Belê in jouself! Belê in jou toekoms! #weesdieverskil

ATKV

Komedie

Ondersteun deur

Tyger People's Post City Vision

BIGGI via. pop

Tuiste

Cape Town Comedy Club @ SOF
’n Kulturele viering van stand-up-komedie

Komedie by die Suidoosterfees gaan oor méér as net trefreëls – dit is kultuur met ’n mikrofoon. Hierdie vertonings, gekenmerk deur speelse waarnemings en vreeslose sosiale kommentaar, belig die kuns van stand-up as ’n kragtige medium wat mense deur humor en lag bymekaarbring. Van 1 tot 3 Mei 2026 bring die Cape Town Comedy Club en die Suidoosterfees ’n vrolike, grensverskuiwende viering van stand-up-komedie as kultuur, kuns en suiwer plesier.

Die samewerking word aangevoer deur Kurt Schoonraad, stigter van die Cape Town Comedy Club en een van Suid-Afrika se mees gerespekteerde komediante. Sy passie om opkomende talent te ontwikkel lê aan die hart van hierdie vennootskap.

Maak reg vir ’n ryk en uiteenlopende program met kunstenaars uit verskillende kulturele agtergronde, tale en geslagte – almal saam op een verhoog in ’n ware viering van inklusiwiteit.

CTCC @ SOF 1

AANBIEDER **Jared Pillay**
HOOFKUNSTENAAR **Keenan Cerf**
ONDERSTEUNING **Candace Fortune**
OOP MIKROFOON **Robin Dunlop**

1 Mei 19:00 & 21:00 • Afr, Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • Geen o. 13 T • 60 min • R150

CTCC @ SOF 2

AANBIEDER **Mel Jones**
HOOFKUNSTENAAR **Jam Jam**
ONDERSTEUNING **Wesley Paulse**
OOP MIKROFOON **Nathan Levinrad**

2 Mei 19:00 & 21:00 • Afr, Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • Geen o. 13 T • 60 min • R150

CTCC @ SOF 3

AANBIEDER **Phil de Lange**
HOOFKUNSTENAAR **Lindy Johnson**
ONDERSTEUNING **Khanyisile Ngwenya**
OOP MIKROFOON **Nishen Pathet**

3 Mei 19:00 & 21:00 • Afr, Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • Geen o. 13 T • 60 min • R150

Dalin Oliver: 90 Day Comedian

MET **Dalin Oliver**

Ná uitverkoopte optredes in agt lande en ‘n suksesvolle ontvangs by die Adelaide Fringe, bring Dalin Oliver sy bekroonde eenmanvertoning na die Suidoosterfees. In hierdie hartroerende en skreeusnaakse grootwordverhaal word identiteit, kultuur en wat dit beteken om trots Suid-Afrikaans te wees, verken. Dalin verweef sy eie storie met internasionale ervarings wat onmiddellik herkenbaar en skreeusnaaks is. *90 Day Comedian* gaan jou trots maak op ons eie Suid-Afrikaanse talent wie se humor universele trefkrag het.

2 Mei 17:00 • Eng • POP24 Studio, Media24 • Geen o. 13 T • 60 min • R150

Kurt Schoonraad: Funny Side Up

MET **Kurt Schoonraad** TEKS **Kurt Schoonraad** REGIE **Dave Levinsohn**

Na uitverkoopte vertonings in Kaapstad, Johannesburg en by KKNK, kan Suidoosterfees-gehore uitsien na heerlike lagbuie saam met een van Suid-Afrika se mees geliefde en invloedryke komediante, Kurt Schoonraad. Met sy kenmerkende skerp waarnemings, warmte en onmiskenbare perspektief op onse mense, neem Kurt gehore op ‘n skreeusnaakse tog deur die eienaardighede en chaos van die hedendaagse lewe – van alledaagse frustrasies tot die soeke na ligter oomblikke in ‘n wêreld wat voortdurend verander. Soms is die beste oorlewingstrategie eenvoudig om die snaakse kant bo te hou.

30 April 18:30 • Eng • Kaapstad-Burgersentrum • Geen o. 13 T • 70 min • R150

Look What You Made Me Do

MET **Dave Levinsohn**

Dave Levinsohn bring sy kenmerkende ‘Dave-styl’-komedie na die Suidoosterfees met ‘n viering van 26 jaar van uitbundige lagbuie. Met skerp waarnemings, hartroerende stories en vreeslose improvisasie, lewer Dave ‘n vertoning wat net so aandoenlik en slim is as wat dit snaaks is. Verwag eienaardige insigte, brutaal

eerlike besinnings en oomblikke van komiese genialiteit. Heerlik vermaaklik en onweerstaanbaar menslik – 'n eenmalige ervaring met een van Suid-Afrika se beste komediante!

3 Mei 17:00 • Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • Geen o. 13 T • 50 min • R150

Ouma en die ou koeie

MET **Margit-Meyer Rödenbeck & Coenraad Rall** TEKS & REGIE **Jurgen Human** MUSIEKREGIE **Coenraad Rall** VERVAARDIGER **Arena Produksiehuis**

Soos ons ouer word, vergeet ons gerieflikheidshalwe juis dit wat ons nie wíl onthou nie, terwyl herinneringe wat ons koester mettertyd al hoe mooier afgerond raak. 'n Halwe waarheid word 'n feit, 'n wolhaarstorie 'n beehive, en 'n besope one-night stand 'n romantiese herinnering. Hierdie komedie-kabaret laat jou skaterlag én stil raak, want jy mag jouself herken – altyd met 'n skeut nostalgie.

1 Mei 09:30 • Afr • Kaapstad-Burgersentrum • Geen o. 13 T • 75 min • R190

Plain Jane

MET **Arlene Petersen**

Kom lag lekker saam in *Plain Jane*, 'n vlymskerp komedie wat wys die girl langsaan is alles behalwe ordinêr. Arlene Petersen takel daai ongemaklike oomblikke in ons lewe, die alledaagse flaters en gekhede wat ons almal so goed ken, maar selde erken. 'n Skreeusnaakse kykie na menswees wat getuig van vrypostigheid, eerlikheid en selfspot. Hierdie vars komedie-stem gaan jou oorrompel met slimmighede, lagbuie uit die maag en pittighede wat jou lank gaan bybly.

1 Mei 17:00 • Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • 50 min • R150

Dans

Aangebied in samewerking met

Tuiste

Alice in the Cape Flats

AANGEBIED DEUR **HAUS Events & Productions**

MET **Dee Blogging, Vozzie, Valentina Petronella, Robyn Ried, Rori Bingham & Wesley Ourson** TEKS, REGIE & CHOREOGRAFIE **Berlin Williams** BELIGTINGSONTWERP **Bennie Arendse** STELONTWERP **Kenan Fortuin, Wayne Jacobs & Chris Spogter** KOSTUUMONTWERP **Ty Thompson**

Alice in the Cape Flats neem jou op 'n reis van selfontdekking en aanvaarding. Alice reis deur tyd en ontmoet fantastiese karakters – van Double D en die Mad Hatter tot die indrukwekkende Queenie – wat elk 'n waarheid onthul wat sy besig is om vir haarself toe te eien. Verwag avontuur, humor, heerlike Gayle en musiek wat jou intrek in 'n magiese, weerbarstige wêreld. Met 'n mengsel van musiek, fopdos, dans en visuele storiekuns vier hierdie oorspronklike werk queer-identiteit en die veerkragtigheid van die Kaapse gemeenskap.

30 April 20:00, 1 Mei 20:00, 2 Mei 09:00 • Johann Brink Teater • 75 min • R150

Dance Synergy V

AANGEBIED DEUR **Figure of 8 Dansteater & Suidoosterfees** IN SAMEWERKING MET **Dance for All, GAIN Collective, Jacqui Pells School of Ballet, Stanza, Jazzart Dance Theatre, New World Dance Theatre, SboNdaba, Sunrise & Jenna, Cape Town Ballroom Scene, Sarah Cookney Academy of Dance, Velvet Motion & Waterfront Theatre School**

MET **Auntie Bettie**

Ons jaarlikse spogproduksie wat oorloop van uitbundige energie is terug vir 'n vyfde uitgawe! Op Internasionale Dansdag kom die Kaap se voorste dansers op één verhoog bymekaar vir 'n asemrowende viering van beweging, kuns en ritme – saam met die geliefde gaskunstenaar Auntie Bettie. Van die emosionele trefkrag van kontemporêre dans en die elegansie van ballet tot die lewendige tradisies van Indiese dans en die ritmiese vonkel van jazz, demonstreer hierdie manjifieke vertoning die uiteenlopende style wat ons as mense byeenbring. Vreugdevol met uitsonderlike talent en propvol onvergeetlike oomblikke.

2 Mei 13:30 • kykNET Teater • 70 min • R150, R120

Gat

AKTEURS **Ilse Samuels & Miché van Wyk** DANSERS **Faroll Coetzee, Georgia Julies, Manon-Lee Saal, Druwayne Strauss & Keeanu Samuels** TEKS **Esmé Marthinus & Miché van Wyk** MUSIEK **Arnold Klassen** REGIE & CHOREOGRAFIE **Byron Klassen** PRODUKSIEBESTUUR **Oscar Langdown** VERVAARDIGER **Garage Dance Ensemble**

Woordtrofee-wenner: Beste dansgedrewe produksie by die Toyota Stellenbosch Woordfees

Op 'n verweerde bakkie vertrek die ensemble op 'n emosionele reis deur beweging en teks wat die siel van 'n gemeenskap wat veg om te oorleef, ontbloot. Met treffende innovasie weef die groep 'n ritueel van klank, beweging, aarde en water wat die siklusse van skepping, vernietiging, geboorte en dood naspoor. Hierdie aangrypende opvoering eer die stories wat in die land vasgelê is en bied 'n diep resonerende besinning oor herinnering, veerkragtigheid en gedeelde identiteit.

29 April 20:00, 30 April 20:00, 1 Mei 20:00 • Kasteel van Goeie Hoop, Castlestraat, Voorstrand • 50 min • R150

The Bollywood Times

MET **Taare & vriende** REGIE **Ahneesh Valodia & Kimeshni Parker** VERVAARDIGER **Ahneesh Valodia**

Brekende nuus! *The Bollywood Times* is uit! Kaapstad se bekroonde dansgeselskap Taare bring 'n splinternuwe, verbysterende dans-extravaganza propvol kleur, energie en flair. Onder leiding van Taare se dinamiese dansers en aangevuur deur hoë-oktaan samewerkings met gaskunstenaars uit verskillende dansgenres, ontvou die vertoning bladsy vir bladsy in 'n warrelwind van aangrypende visualiteit en meevoerende ritmes. Kry jouself gereed vir drama, presisie en suiwer vreugde wanneer die ensemble die towerkrag van Bollywood op die verhoog laat lewe.

2 Mei 17:30 & 20:30 • kykNET Teater • 90 min • R160, R140

The Reservation

MET **Figure of 8-dansers** TEKS **Wilken Calitz & Buhle Ngaba** REGIE **Buhle Ngaba & Grant van Ster** CHOREOGRAFIE **Figure of 8 Dance**

Theatre STEL- & KOSTUUMONTWERP **Figure of 8 Dansteater** KLANKONTWERP **Shaun Oelf** BELIGTINGSONTWERP **Nell van der Merwe** VERHOOGBESTUUR **Eddie Newman** PRODUKSIE- & GESELSKAPBESTUURDER **Marié Vogts**

Kom sit aan – aandete word binnekort bedien. *The Reservation* nooi jou binne na 'n gewaagde, meesleurende dansteaterwêreld waar sosiale gewoontes, begeertes en menslike verhoudings onder die soeklig kom. Hierdie gesinsvriendelike produksie in die chaotiese ruimte van 'n restaurant wakker jou eetlus aan wanneer borde en politiek bots en stamp te midde van 'n fees van beweging, komedie en betekenis. Vreemdelinge ontmoet mekaar; geliefdes kry stry en families vind hul pad terug na mekaar. Kelners glip met balletagtige presisie tussen alles deur, beïnvloeders probeer die perfekte kameraflits kry, en disse glinster onder ligte wat veel meer onthul as wat op die spyskaart staan.

2 Mei 20:00, 3 Mei 09:00 • Johann Brink Teater • 60 min • R150

Wonde

MET **Georgia Julies, Manon-Lee Saal, Keeanu Samuels & Druwayne Strauss** VAN **Garage Dance Ensemble** OORSPRONKLIK GESKEP DEUR **Tshegohatso Mothelesi** VIR **Atlang Arts Development 2024** REGIE & CHOREOGRAFIE **Byron Klassen** PRODUKSIEBESTUUR **Oscar Langdown**

Wonde is 'n kragtige en emosiebelaaide dansvertelling wat die verpletterende werklikheid aanspreek van kinders wat spoorloos verdwyn as gevolg van mensehandel, mishandeling of moord. Met aangrypende beelde en choreografie waarsku *Wonde* ons om waaksaam te wees, en dit herinner ons dat ons ons kwesbaarstes kan beskerm deur op ons hoede te wees. Hierdie produksie ontbloot die wreedheid van dié wat op kinders teer en bevestig elke kind se reg om sonder vrees groot te word.

1 Mei 09:00, 2 Mei 11:30, 3 Mei 11:30 • Johann Brink Teater • 35 min • R120

GRATIS DANSKLASSE

Betree die dansvloer, beweeg saam en ontdek 'n nuwe styl – heeltemal gratis. Suidoosterfees bied feesgangers weer die kans om by vooraanstaande dansers en choreograwe te leer in 'n reeks energieke, toeganklike en inspirerende klasse, aangebied in samewerking met Figure of 8 Dansteater. Toegang is gratis, maar **bespreek vooraf deur Webtickets** om jou plek te verseker.

Vogue Fem

AANBIEDER **Berlin LaCap**

Vogue Fem is 'n dansstyl wat sterk, vroulike bewegings en uitdrukking beklemtoon. Dit is gewortel in die 'outydse' optreestyl, beïnvloed deur die elegansie en presisie van ballet, jazz en moderne dans. Berlin LaCap lei deelnemers deur hierdie gevierde dansvorm met flair, selfvertroue en volledige uitdrukkingsvryheid.

1 Mei 11:00 • Dansstudio • 90 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Amapiano (TikTok)

AANBIEDER **Ashlynn Erasmus**

Die kreatiewe choreograaf en straatdanser Ashlynn Erasmus bied 'n hoë-oktaan klas aan wat geïnspireer is deur die wêreld van TikTok. Hierdie dansstyl vier individualiteit en moedig elke deelnemer aan om hul eie artistieke flair in die choreografie te gebruik. Ashlynn laat dansers beweeg, eksperimenteer en nuwe vaardighede aanleer – perfek vir jou volgende TikTok-video.

1 Mei 09:00 • Dansstudio • 90 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Kommersiële dans

AANBIEDER **Rudi Smit**

Kommersiële dans is 'n dinamiese, visueel-gedrewe styl wat vir die vermaakbedryf geskep is en elemente van hip-hop, jazz, straat- en kontemporêre dans meng. Die internasionaal bekroonde choreograaf Rudi Smit het in meer as 20 lande onderrig gegee en opgetree, en choreografie vir groot handelsmerke soos Pepsi, Adidas, McDonald's, Volkswagen, Facebook en Samsung geskep. Sy filmwerk sluit *Honey 3*
en *Bring It On*: *Worldwide* in.

2 Mei 09:00 • Dansstudio • 90 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Kontemporêr

AANBIEDER **Yarisha**

Kontemporêre dans kombineer elemente van ballet, jazz en moderne dans in 'n vloeiende, interpretatiewe bewegingstyl wat tegniek en vernuwing vereis. Die bekroonde uitvoerende kunstenaar, afrigter en choreograaf Yarisha se artistieke visie gaan sorg vir 'n onvergeetlike ervaring.

2 Mei 11:00 • Dansstudio • 90 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

OPWIPVERTONINGS

Gratis 20-minuut-dansvertonings deur puik geselskappe **op die Piazza voor Artscape** – energiebelaaide vermaak tussen al jou heerlike feesvertonings!

29 April 18:00 – SboNdaba Dance
30 April 18:00 – Figure of 8
1 Mei 16:00 – Paaldanskuns | Pole Artistry
2 Mei 17:00 – Figure of 8
2 Mei 18:30 – Paaldanskuns | Pole Artistry
3 Mei 11:30 – Dance for All

DANSGESPREK: Vertel jóú storie deur beweging

In 'n wêreld van haakplekke, filters en gesteelde narratiewe los dans die verwarring op. In hierdie dissipline bring die liggaam-in-beweging die waarheid na vore, sonder filters of aanpassings en onmiskenbaar menslik. Gerespekteerde rolspelers uit die danssektor gesels oor identiteit, egtheid en die waarde van ons eie unieke stories in 'n wêreld wat al meer deur ander mense en tegnologie gekaap word. Kom luister hoe beweging weerstand word, en waarom jóú waarheid saak maak.

2 Mei 15:30 • Afr, Eng • Netwerk24-feeskafee • 60 min • Gratis

Jakes Gerwel-gesprekke

Aangebied deur

Tuiste

JAKES GERWEL
Stigting • Foundation

ATKV

NETWERK 24

In vennootskap met **Jacana Media, Jonathan Ball, Flyleaf Publishing & Distribution, Klyntji, Artscape, Kwela, Lux Verbi, Naledi, uHlanga Press, Pan Macmillan, Penguin Random House SA, Painted Dog Press, Protea Boekhuis, Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans, Tafelberg, Tracey McDonald Publishers, Turksvy Publikasies, Vriende van Afrikaans & Wordslingers Publishing Corporation**

WAT JY MOET WEET

- Toegang tot die gesprekke is gratis, maar om jou sitplek te verseker, moet jy steeds deur Webtickets bespreek.
- Exclusive Books hanteer die boekverkope by die ATKV-Boeke-oase en skrywers sal na afloop van die sessies boeke teken.
- Kom vroeg vir 'n gratis koppie koffie en kom deel in die gesprek – voor, tydens en na die tyd.

PAULET HUIS – OASE VIR SKRYWERS

Op vanjaar se program spog ons weer met vele skrywers wat by die Jakes Gerwel Stigting se Paulet Huis in KwaNojoli, Oos-Kaap, aan hul boeke gewerk het. Hieronder tel Shana Fife, Nadia Cassim, Lebo Mazibuko, Allen Grootboom, Herschelle Benjamin, Bibi Slippers, Naidene Lottering, Sindi Busuku en Reggie Peace.

Besoek **www.jgf.org.za** om meer uit te vind oor die geleenthede wat die Jakes Gerwel Stigting vir skrywers bied.

Koningmakers & kroondraers

In samewerking met **Jonathan Ball, Jacana Media & Netwerk24**

MET **Anthony Butler, Tara Roos, Qaanitah Hunter & Gert van der Westhuizen**

Wie gaan Cyril Ramaphosa opvolg? Is Paul Mashitile die nuwe kroondraer, of haal sy sondes hom in? Wie is die koningmakers wat agter die skerms aan die konkel is, en wie is die gunstelinge binne die verskillende ANC-faksies?

30 April 09:30 • Afr, Eng • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets



Op die spoor van die spoorloses

In samewerking met **Jonathan Ball & Tafelberg**

MET **Nicole Engelbrecht, Julian Jansen, Jonathan Morris, Michael Behr & Jody Hendricks**

Nicole Engelbrecht se jongste boek, *Bare Bones: Cold Cases from True Crime South Africa,* ook in Afrikaans beskikbaar as *Klipkoud*, handel oor onopgeloste moorde. Julian Jansen se *Op die spoor van die stasiemoordenaar* handel weer oor dié destydse raaiselagtige moorde. Michael Behr skryf in *Confessor Cop* oor die deurwinterde speurder, Jonathan Morris, se jarelange snuffelspore wat hom telkens tot die moordenaars lei. Waar vind hulle die inligting en leidrade, en hoe loop jy terug op die spore as die moordenaar spoorloos verdwyn het?

30 April 11:00 • Afr, Eng • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets



Seuns weet

In samewerking met **Protea Boekhuis**

MET **Frederick Botha & Herschelle Benjamin**

Frederick Botha se debuutkortverhaal-bundel is onverskrokke, maar terselfdertyd weerloos en broos. Hierin probeer 'n jong wit gay Afrikaanse man naam gee aan sy ervaring van seksualiteit, geloof, gesinslewe, selfaanvaarding, vriendskap, skrywerskap en die maatskaplike werklikheid. *Seuns weet* bied 'n vars blik op die hedendaagse samelewing.

30 April 12:30 • Afr, Eng • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Kry 'n lekker gratis koppie koffie by die ATKV-Boeke-oase

Witty Women Writers' Resilience

In samewerking met **Kwela**

MET **Nadia Cassim, Lebo Mazibuko, Qaanitah Hunter & Angela Briggs**
Vasbyt vir liefde wat jou soveel pyn besorg. Met waardigheid opstaan, terwyl trauma jou telkens laat struikel. 'n Groep vroueskrywers gesels oor hoe hulle moeilike temas aanpak in verhale wat so meesleurend, vars en hoopvol is.

30 April 14:00 • Eng • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Skrywers se boeke is te koop by Exclusive Books in die ATKV-Boeke-oase

Swart Ekonomiese Bemagtiging – wie baat werklik?

In samewerking met **Jacana Media & Netwerk24**

MET **Thando Vilakazi, Connie Mulder, Phakamisa Ndzamela & Gert van der Westhuizen**

Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) bly een van Suid-Afrika se mees omstrede beleide. Sommige ontleders sê dat dit geleenthede vir swart eienaarskap en verteenwoordiging geskep het, terwyl ander sê dit bevoordeel 'n klein elite en faal Suid-Afrikaners wat steeds in armoede leef. Is jy rassisties as jy die einde van SEB bepleit, of skerm jy vir die swart elites as jy dit voorstaan? Wat is die pad vorentoe?

1 Mei 09:30 • Afr, Eng • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Die vuur huil

In samewerking met **Tafelberg**

MET **Allen Grootboom & Suzette Myburgh**

In die vroeë 1970's onderneem die 21-jarige Jakob Koetaan 'n lewensveranderende reis van die Baai na Kaapstad. Wanneer 'n toevallige ontmoeting by die OK Bazaars hom saam met PAC-aktiviste in die tronk laat beland, raak Jakob bevriend met Sipho, 'n charismatiese leier wat sy oë oopmaak vir die stryd om vryheid. Allen Grootboom gesels met Suzette Myburgh, wat ten nouste betrokke was met die ontwikkeling van die kragtige debuutpublikasie *Die vuur huil*.

1 Mei 11:00 • Afr • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets



Die lewe as drama

In samewerking met **Protea Boekhuis**

MET **Herschelle Benjamin, Christo Davids & Candice Jantjies**

Herschelle Benjamin se toneelstuk, *Joshlin: Meer as 'n naam*, handel oor die tragiese verdwyning van die sesjarige Joshlin Smith. Christo Davids se *Laaitie mettie biscuits* gaan oor Noah, 'n 16-jarige seun met Down-sindroom en groot drome om eendag 'n polisieman te word om sy mense te beskerm. Dié stuk is opgedra aan Nathaniel Julies, wat in 2020 na bewering deur polisielede in Eldorado Park doodgeskiet is. Hoe omskep mens die werklikheid in drama?

1 Mei 12:30 • Afr • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Adam en die Nico

In samewerking met die **SBA** & **Artscape**

MET **Steward van Wyk & Marlene le Roux**

In 2026 vier Artscape (voorheen die Nico Malan-teater) sy 55ste bestaansjaar. Die legendariese dramaturg Adam Small, wie se *Kanna hy kô hystoe* hier vir die eerste keer opgevoer is, sou vanjaar 90 word. Small se verbintenis met die teater was ambivalent – hy moes selfs 'n permit kry om sy eie drama te sien. In hierdie lesing bied prof. Steward van Wyk 'n oorsig van Small se verhouding met die teater. Hy belig onder meer die opvoergeskiedenis van sy dramas, die onthulling van die SBA se borsbeeld, en bespreek agt ongepubliseerde limerieke waarin Small met sy kenmerkende satire die draak steek met die 'Nico'.

1 Mei 14:00 • Afr • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Hardop

Aangebied deur die **Jakes Gerwel Stigting & Klyntji**

MET **Jadrick Pedro, Bibi Slippers, Naidene Lottering, Jennifer Pape, Herschelle Benjamin, Thérèse Bartman, Toast Coetzer, Shane van der Hoven, Danie Marais, Helena Hettema, Bernie Madell, Siphokazi Jonas, Sindi Busuku, Magé Troskie & Buckfever Underground**

Soos hulle sê: terug op publieke aanvraag! Lees dit, dink dit, praat dit, rap dit. Die een na die ander, woord vir woord, song vir song. Solank jy dit doen saam met ons. Doen dit hardop.

1 Mei 16:30 • Afr, Eng • Netwerk24-Feeskafee • 90 min • Gratis, maar bespreek deur info@jgf.org.za

Munisipale verkiesings: waarvoor maak jy stem dik?

In samewerking met **Netwerk24**

MET **Christi van der Westhuizen, Oscar van Heerden & Mia Spies**

Suid-Afrikaners kry vanjaar weer die geleentheid om stem dik te maak. Maar waarvoor trek ons ons kruisies? Is dit vir water in die krane en krag in ons huise, of vir die party wat óns ideologies die beste pas? Kenners besin oor die vinnig veranderende politieke landskap en wie as wenners en verloorders uit die kryt sal klim.

2 Mei 09:30 • Afr • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets



Fading Footprints: In Search of our First Nation

In samewerking met **Jonathan Ball**

MET **Jose Manuel de Prada-Samper, Elias P. Nel, Marlene van Wyk, Katriena Swartz & John Parkington**

Jose de Prada-Samper volg in *Fading Footprints* die spoor van die Bo-Karoo se /xam-jagter-versamelaars. Deur argiewe, veldwerk en gesprekke met afstammelinge en kultuurbewaarders onthul hy sowel die volksmoord op die /xam San as die veerkragtigheid van hul tradisies. Ver van uitgewis, weerklink hul stories steeds in die Noord-Kaap.

2 Mei 11:00 • Eng • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Gender-based Violence – How Writing Becomes Witness

In samewerking met **Jacana, Jonathan Ball, Penguin Random House SA & Tracey McDonald Publishers**

MET **Joy Watson, Popina Khumanda, Ashraf Kagee, Mzamo Masito & Jonathan Amid**

Ten spyte van al die veldtogte teen geslagsgeweld, woed die oorlog teen vroue voort. Wat is fout met ons samelewing, en hoe kan skryfwerk getuie wees, uitdaag en verandering bewerkstellig? Sluit aan by Joy Watson (*Because I Love You*), Popina Khumanda (*The Smallest Ones*), Ashraf Kagee (*Song of the Slave Girl*) en Mzamo Masito (*This Country Hates our Boys*) wat gesels met Jonathan Amid oor hul boeke wat handel oor gender en geweld.

2 Mei 12:30 • Eng • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Hoe gaan dit met Afrikaanse radio?

Aangebied deur **Vriende van Afrikaans**

MET **Frazer Barry, Martelize Brink, Lynden Jafta & Crystal Orderson**

Is daar nog 'n toekoms vir Afrikaanse radio? Luister mense na Afrikaanse programme? En hoe lyk ons Afrikaanse luisteraarsgetalle? Hoe maak ons seker die mark groei? Kom luister hoe kenners hierdie brandende vrae beantwoord.

2 Mei 14:00 • Afr • Netwerk24-feeskafee • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Strokies, satire en die slagting van (on)heilige koeie

In samewerking met **Jonathan Ball & Jacana Media**

MET **Carlos Amato, Jonathan Shapiro (Zapiro), Anton Kannemeyer, Conrad Botes & Marianne Thamm**

Humor is dikwels die beste wapen. En met alles wat in die wêreld aangaan, is daar ryke stof om ons te laat lag tot ons huil. Hoe weet 'n kunstenaar wat is snaaks? En is daar koeie wat eerder ongeslag in die sloot moet bly?

2 Mei 15:30 • Eng • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets



Agter tronkmure – straf ons of genees ons?

In samewerking met **Tafelberg**

MET **Edwin Cameron, Rebecca Gore, Sohela Surajpal, Pieter Groenewald & Heindrich Wyngaard**

Suid-Afrika het die grootste gevangenes-bevolking in Afrika. Die moordsyfer skreeu ten hemele, en dit lyk nie of tronke misdadigers keer nie. Inteendeel. Hoe breek ons hierdie bose kringloop? Sommiges bepleit die herinstelling van die doodstraf. Ander maak hewig kapsie teen lyfstraf vir ligte oortredings. Maar hoe lyk ons tronke regtig? Is ons ingestel om mense te straf deur onmenslike, haglike selle? Wat moet ons doen om waarlik te rehabiliteer?

3 Mei 09:30 • Afr, Eng • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

101 Remarkable South African Women

In samewerking met **Tafelberg**

MET **Lizette Rabe, Christina Landman, Pregs Govender & Makoma Lekalakala**

Vanaf die prehistoriese 'Eve van die Weskus' en die Blombos-moeders tot moderne ikone, skets Lizette Rabe 101 vroue wie se moed, intellek, kreatiwiteit en leierskap ons nasie gevorm het. Oor die spektrum van politiek, letterkunde, sport, aktivisme en kuns bied hierdie bondige portrette 'n inspirerende oorsig van ons verlede en ons voortdurende stryd vir geslagsgelykheid.

3 Mei 11:00 • Afr, Eng • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Wit manlikheid – is daar alternatiewe stories?

MET **Christi van der Westhuizen, Cobus van Wyngaard, James Goddard & Laurie Gaum**

Wit manlikheid word dikwels ervaar as die bombastiese stem wat 'n enkele waarheid soos die evangelie verkondig. Die stem wat besluit wat is reg en wat is weg; wie is in en wie is uit. Wat is die alternatiewe stories van verandering en verruiming?

3 Mei 12:30 • Afr • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Vredemaker

In samewerking met **Lux Verbi**

MET **Reggie Peace & Lee-Ann van Rooi**

Vredemaker vertel van Reggie Peace se reis van 'n moeilike jeug in 'n kinderhuis tot 'n lewe van hoop en geloof. Met eerlikheid en deernis deel hy die verhaal van sy stryd om erkenning en aanvaarding. Dit is 'n storie van seer en oorwinning, van gebrokenheid en herstel – 'n getuienis dat ware vrede moontlik is.

3 Mei 14:00 • Afr • ATKV-Boeke-oase • 60 min • Gratis, maar bespreek deur Webtickets

Leefstyl

Ondersteun deur

sport, arts & culture

iziko

Sauvignon Blanc South Africa

BIGGI

via.

pop

Tydskrif Heritage Travel Magazine

Tuiste

Bier-uur met Beer

Aangebied deur **VIA**

MET **Beer Adriaanse**

VIA se gewilde algemene kennis-speletjiesprogram *Slim vang sy baas* is terug by die Suidoosterfees! Kom kuier en speel lekker saam en geniet 'n gratis bier saam met VIA se slimste speletjiemeester, Beer Adriaanse. 'n Uur van pure pret en mateloos lag.

1 Mei 14:00 • Afr • Netwerk24-feeskafee • 60 min • Gratis

Bloei + Blom

MET **Nataniël & twee spesiale gaste**

Bloei + Blom is Nataniël se pragvolle, volkleur-koffietafelboek wat die verhale van meer as 200 Afrikaanse baanbrekers en grensverskuiwers van die laaste 100 jaar vier. Sluit aan by ons High Tea met Nataniël wanneer hy in gesprek tree met twee spesiale gaste vir 'n gesellige middag van staaltjies, nalatenskap en inspirasie – 'n unieke feeservaring vir liefhebbers van kultuur, geskiedenis en kreatiwiteit. Elke gas ontvang 'n eksemplaar van *Bloei + Blom: 'n Viering van Afrikaans* (ter waarde van R850) as geskenk.

1 Mei 15:30 • Afr • Nasdak, Media24-gebou • 90 min • R750

Boeke oor die stories van ons koskultuur

GASVROU **Ingrid Jones** PANEEL **Ilse van der Merwe, Ishay Govender, Christina Koen & Ernest Messina**

Kos dra herinneringe, identiteit en geskiedenis van een kombuis na die volgende. Hierdie paneel bring bekroonde skrywers en koskenners byeen om te besin oor hoe ons kulinêre tradisies opteken, in herinnering roep, en deur middel van sulke boeke tradisies en herinneringe met mekaar kan deel. Paneellede vanoor die hele spektrum – van huiskombuise tot tradisionele erfenisinstellings – deel hul insigte oor hoe kos die verhaal vertel van wie ons is.

1 Mei 10:30 • Afr, Eng • Netwerk24-feeskafee • 60 min • Gratis

Brunch met Skemergrond-sterre

In samewerking met **kykNET & Kie & Smile 90.4 FM**

MET **Denver Vraagom, Hildegardt Whites, Hunter Plaatjies, Carmen Maarman & Shimmy Isaacs** SEREMONIEMEESTERS Die gewilde **Smile 90.4 FM**-aanbieders **Success Lekabe & Dean Friederich**

Geniet 'n heerlike brunch saam met die gewilde sterre van die kykNET & Kie-telenovelle *Skemergrond* op Nasdak

tydens die fees. Kom kuier, gesels en leer ken jou gunstelingakteurs van nader terwyl jy smul aan heerlike kos. Hierdie eksklusiewe geleentheid bied uitstekende geselskap, 'n lekker-bederf-atmosfeer en heerlike disse – die perfekte manier om jou dag onvergeetlik te begin.

2 Mei 10:00 • Afr • Nasdak, Media24-gebou • 90 min • R350

Die wynmeester: Kom proe saam

In samewerking met **Sauvignon Blanc SA & VIA**

MET **Danie van der Merwe, Hagen Viljoen** (Keldermeester: Zevenwacht Wynlandgoed), **Mosima Mabeledele** (Assistent-wynmaker: Le Grand Domaine Kelder) **& Jean Nel** (Hoofwynmaker: Cederberg Wyne)

Die aanbieder van die gewilde VIA-reeks *Die wynmeester*, Danie van der Merwe, kuier op Internasionale Sauvignon Blanc-dag saam met drie gerekende wynmakers van Sauvignon Blanc SA by die Suidoosterfees. Die wynmeesters gesels oor die kuns van wynmaak, die 72 geure van hierdie kultivar, en hulle deel interessante staaltjies. Kom proe hulle bekroonde wyne saam met 'n heerlike komplementerende happie.

1 Mei 18:30 • Afr • Nasdak, Media24-gebou • 90 min • R250

Evita op 90: Tee, tales & trouens

MET **Evita Bezuidenhout & Mia Spies**

Evita is 90 en Pieter-Dirk 80, en hulle is steeds onweerstaanbaar! Kom geniet 'n heerlike koppie tee en koek en luister na die skerp, humoristiese en soms skokkende stories van hierdie formidabele vrou in gesprek met Netwerk24 se Mia Spies.

1 Mei 10:00 • Afr • Nasdak, Media24-gebou • 90 min • R350

FNB Sauvignon Blanc SA Top 10-proe

In samewerking met **Sauvignon Blanc SA & Versnit**

MET **Lukas Wentzel**

Kom vier Internasionale Sauvignon Blanc-dag saam met Sauvignon Blanc SA en die FNB Top 10-wynmaker Lukas Wentzel van Groote Post Vineyards, Darling. Ontdek hoe Sauvignon Blanc die nuanses van terroir, wat strek van koel kus tot hoërliggende wingerde, weerspieël. Beleef ook die kultivar se veelsydigheid – van vars, mineraalgedrewe tot gehoute en verouderde wyne. Proe ses uitsonderlike wyne saam met 'n heerlike komplementerende happie.

1 Mei 13:00 • Afr • Nasdak, Media24-gebou • 90 min • R250

Food Fairies demo 1: Nate Smith & Phumlani Malinga

Dit gaan oor meer as kos. Dit gaan oor erfenis, hartservarings en die mens se vermoë om eenvoud te omskep in oorvloed. Sluit aan by Nate Smith van *Kokkedoor vuur en vlam* en Phumlani Malinga, wat enige groente in 'n

fenomenale eetervaring kan verander. Laat hulle toe om jou te verras met die veelsydigheid van Suid-Afrikaanse groente.

1 Mei 09:00 • Afr, Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • 60 min • R50

Food Fairies demo 2: Sadia October & Fahiem Stellenboom

Kos vir die siel, vreugde vir die liggaam. Niks klop 'n goeie ou breyani om 'n gevoel van geborgenheid en tuiste te skep nie – veral wanneer die geure die kombuis vul terwyl dit stadig prut. Tuiskok Sadia October wys ons hoe om 'n egte Kaapse Maleier-breyani te maak.

1 Mei 14:30 • Afr, Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • 60 min • R50

Food Fairies demo 3: Chef H (Hein Koen) & Nate Smith

'n Fees van skerpsinnige en pittige stories, voorgesit uit die hart. Sluit aan by twee uitsonderlike sjefs terwyl hulle hul inspirerende reise deur die wonderwêreld van kos met jou deel, asook hul vreugdes vir kook, die stories agter die geure en 'n gedeelde liefde vir mense bymekaarkry om die tafel.

2 Mei 09:00 • Afr, Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • 60 min • R50

Food Fairies demo 4: Sandra van de Rheede & Claudia Swinny

'n Gemmerbroodhuisie in die herfs? Ja, asseblief! Kyk hoe die fantasie ontvou. Van een gesuikerde muur na die

ander, bewys Sandra dat om met jou kos te speel nie net toegelaat word nie – dit is heerlike pret.

2 Mei 14:30 • Afr, Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • 60 min • R50

Food Fairies demo 5: Surita Riffel & Vinette Ebrahim

Die koningin van trooskos tree die kombuis binne met haar geliefde mosbolletjies – warm, sag en propvol nostalgie. Tussen heerlike stories en lekker lag gesels sy met 'Tannie Charmaine' oor die lewe, die heelal en die eenvoudige vreugde van kook uit die hart.

3 Mei 09:30 • Afr, Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • 60 min • R50

Food Fairies demo 6: Phumlani Malinga & Adele Smith

Die groente-koningin Phumlani omskep nederige groente in vindingryke vierings van geur en kreatiwiteit. Met verbeelding op elke bord bewys sy dat groente eet nog nooit só plesierig – of só heerlik – was nie.

3 Mei 14:30 • Afr, Eng • POP24 Studio, Media24-gebou • 60 min • R50

Heritage Travel Magazine's Birthday Celebrations

MET **Ingrid Jones, Kyra Loubser, Zola Nene, Stef & Jamile de Koker**

Kom vier *Heritage Travel*-tydskrif se verjaarsdag saam met ons tydens die Intangible Heritage Festival en ons Koek-en-poësiefees by Suidoosterfees. Ingrid Jones lei die gesprek met Kyra Loubser oor *#Kyrafied. MasterChef*-aanbieder en -beoordelaar Zola Nene gesels oor haar nuwe boek. *Heritage Travel* se spesiale uitgawes, stories, poësie en musiek word ook ten toon gestel. Benewens optredes deur verskeie kunstenaars en digters, sluit die Koek-en-poësiefees welstand- en verjaardagvieringe in – asook 'n bietjie koekterapie.

3 Mei 12:00 • Afr • Netwerk24-feeskafee • 120 min • Gratis

Kelderklas-wynproe by Suidoosterfees

In samewerking met **Sauvignon Blanc SA & VIA**

MET **J.P. Quickelberge**

J.P. Quickelberge van die gewilde VIA-reeks *Kelderklas* nooi jou hartlik uit na 'n eksklusiewe #SauvBlancDay-proegeleentheid waar jy Suid-Afrikaanse Sauvignon Blanc se merkwaardige veelsydigheid kan ontdek en geniet. Begin jou Werkersdag-langnaweek stylvol by Suidoosterfees met 'n glas in die hand en uitnemende wyne op die tong – daar is eenvoudig geen beter manier om die fees in te lui nie.

30 April 18:30 • Afr • Nasdak, Media24-gebou • 90 min • R250

Komvandaan-stories

GASVROU **Maygene de Wee** PANEEL **Jeremy Vearey, Heinrich Koen, Nate Smith, Fahiem Stellenboom & Asanda Ngoasheng**

Komvandaan-stories gaan oor ons herkoms, roetes wat ons volg en

bestemmings waar ons aandoen; asook die tipe kos wat herinnering dra. Die paneel bring stemme bymekaar wie se reise – van kombuise en gemeenskappe tot boeke, braais en die akademie – weerspieël hoe kos ons leer waar ons vandaan kom en waarheen ons op pad is. Deur humor, geskiedenis en eie ervaring bespreek deelnemers temas soos erfenis, deursettingsvermoë en hoe diep kos verweef is met ons identiteit, oorlewing en stories.

2 Mei 10:30 • Afr, Eng • Netwerk24-feeskafee • 60 min • Gratis

Kooktyd met Gadija Sydow en Spekko

In samewerking met **VIA & Spekko**

MET **Gadija Sydow**

Die gewilde Gadija Sydow van VIA se *Kaap, kerrie en koesisters* en *Plain en simple,* kom kook en kuier by die Suidoosterfees. Sy demonstreer hoe om heerlike én maklike resepte bymekaar te slaan, en deel van haar vinnige moves wat jou tyd in die kombuis sal spaar sodat jy langer saam met jou hartsmense om die tafel kan kuier.

1 Mei 12:00, 3 Mei 12:00 • Afr • POP24 Studio, Media24-gebou • 60 min • R50

Kooktyd met Tietie en Nanna

In samewerking met **VIA**

MET **Najma Abrahams (Tietie) & Azba Fanie (Nanna**)

Die geliefde TikTokkers en TV-kokke Tietie en Nanna bederf feesgangers met ’n spesiale kookdemonstrasie van ’n maklike én liplek-lekker resep. Kom sit aan vir iets om aan te knibbel en om ’n foto saam met die susters te neem.

2 Mei 12:00 • Afr • POP24 Studio, Media24-gebou • 60 min • R50

sport, arts & culture
Department:
Sport, Arts and Culture
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

iziko
museums of
South Africa
an agency of the
Department of Sport, Arts and Culture

SUID
OOSTER
FEES

IZIKO MUSEUMS & SUIDOOSTERFEES

Suidoosterfees is trots om Iziko Museums van Suid-Afrika as 'n dinamiese medewerker tydens vanjaar se fees te verwelkom. Feesgangers kan uitsien na 'n uiteenlopende program wat uitstallings, interaktiewe werkswinkels en museumrondleidings insluit. Hou suidoosterfees.com dop tydens die fees vir 'n volledige lys van alle Iziko-aktiwiteite en -tye, en maak seker jy mis nie hierdie unieke museumervarings nie.

Suidoosterfees is proud to welcome Iziko Museums of South Africa as a dynamic partner at this year's festival. Festivalgoers can look forward to a diverse programme that includes exhibitions, interactive workshops and museum tours. Keep an eye on suidoosterfees.com during the festival for a complete list of all Iziko activities and times and make sure you don't miss out on these unique museum experiences.

Visuele kuns

Ondersteun deur

Tuiste

SPIER
ARTS TRUST

Western Cape Government
FOR YOU

Komvandaan: Waar die natuur jou naam onthou

Die Suidoosterfees se visuelekunsprogram vir 2026 sluit aan by die jaar se tema, **Tuiste**, met **Komvandaan: Waar die natuur jou naam onthou**. Daarmee nooi ons feesgangers uit om saam te kom ontdek hoe die natuur ons stories en herkoms dra, soos 'n plek wat jou nog altyd geken het en sal ken, al was jy lank weg.

Reg oor die feesterrein kan jy uitstallings en optreekuns beleef wat speel met organiese teksture, natuurlike materiale en elemente uit die landskap. Kunstenaars deel hul eie maniere van dink oor erfenis, ekologie en daardie diep gevoel van behoort wat ons almal soek.

